

DIE KOMMUNIKATIEWE FUNKSIE VAN HUMOR IN GALASIëRS 5:7-15

Coenraad Christoffel Andries Vrey
Honns. BA (Grieks)

Verhandeling voorgelê as gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad
Magister Artium in Grieks in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Prof. J.J.J. van Rensburg
Medeleier: Mej. E.M. Cornelius

Potchefstroom
1993

opgedra aan my ouers

BEDANKINGS

Verskeie instansies en persone het daartoe bygedra om hierdie studie moontlik te maak. My opregte dank aan:

- My studieleier, Prof. J.J.J. van Rensburg, en medeleier, Mej. E.M. Cornelius vir hulle geduld, opregte belangstelling en hulle onmisbare rol in die voltooiing van hierdie studie.
- Prof. J. Swanepoel (PU vir CHO) vir die finale taalkundige en tegniese versorging van die verhandeling.
- Mnr. J.L. Kruger (PU for CHE, Department of English) vir die versorging van die "abstract".
- Die personeel van die Departement Klassieke en Semitiese, PU vir CHO, vir voortrefflike onderrig in Grieks, die skepping van 'n stimulerende akademiese milieu en aangename werksomstandighede.
- Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek (PU vir CHO) vir hul vriendelike hulp.
- My familie en vriende vir hul morele ondersteuning en belangstelling.

Bo alles dank ek my Hemelse Vader vir die krag en genade wat Hy my gegee het om hierdie studie te voltooi.

Die geldelike bystand van die *Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing* vir die koste van hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings gemaak, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

SINOPTIESE INHOUDSOPGAWE

HOOFTUK 1: INLEIDING

**HOOFTUK 2: 'n EVALUERING VAN BESTAANDE METODES VIR DIE
BEPALING VAN DIE KOMMUNIKATIEWE FUNKSIE VAN
HUMOR**

**HOOFTUK 3: 'n METODE OM DIE KOMMUNIKATIEWE FUNKSIE VAN
HUMOR TE BEPAAL**

**HOOFTUK 4: DIE BEPALING VAN DIE KOMMUNIKATIEWE FUNKSIE
VAN HUMOR IN GALASIËRS 5:7-15**

HOOFTUK 5: GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.	Doelstelling	1
2.	Probleemstelling	1
2.1	Die stand van navorsing	1
2.2	Antieke retoriek en antieke epistolografie	3
2.3	Antieke retoriek en humor	5
2.4	Raamwerk vir die beskrywing van die funksie van humor	6
2.5	Samevattende formulering van die probleemstelling	7
3.	Afbakening	7
4.	Sentrale teoretiese stelling	7
5.	Werkplan	8

HOOFSTUK 2: 'n EVALUERING VAN BESTAANDE METODES VIR DIE BEPALING VAN DIE KOMMUNIKATIEWE FUNKSIE VAN HUMOR

1.	Inleiding	9
2.	'n Kritiese evaluering van enkele metodes	9
2.1	Von Campenhausen (1963)	9
2.2	Jónsson (1965)	10
2.3	Nieting (1983)	11
2.4	Spencer (1981)	11
3.	Gevolgtrekking	12

HOOFSTUK 3: 'n METODE OM DIE KOMMUNIKATIEWE FUNKSIE VAN HUMOR TE BEPAAL

1.	Inleiding	14
2.	Tersaaklike insigte vanuit die antieke epistolografie	14
2.1	Inleiding	14
2.2	Die briefopening	15
2.3	Die briefliggaam	15
2.4	Die briefslot	16
2.5	Die plek van antieke epistolografie in die voorgestelde metode	16
3.	Tersaaklike insigte vanuit die moderne pragmatiek	17
3.1	Inleiding	17

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

3.2	Die gespreksituasie	17
3.2.1	Inleiding	17
3.2.2	Die aspek van die spreker/outeur	18
3.2.3	Die aspek van die hoorder/leser	19
3.2.4	Die aspek van die tyd	19
3.2.5	Die aspek van die ruimte	20
3.2.6	Die aspek van die gedeelde kennis	20
3.3	Die samewerkingsbeginsels	21
3.3.1	Inleiding	21
3.3.2	Die kategorie van kwantiteit	21
3.3.3	Die kategorie van kwaliteit	21
3.3.4	Die kategorie van relasie	22
3.3.5	Die kategorie van wyse	22
3.3.6	Gevolgtrekking	22
3.4	Die beleefdheidsbeginsels	23
3.5	Indirekte taalhandeling	25
3.6	Die plek van moderne pragmatiek in die voorgestelde metode	26
4.	Tersaaklike insigte vanuit die antieke retoriek	27
4.1	Inleiding	27
4.2	Die retoriese situasie	27
4.3	<i>Status</i> -leer	29
4.4	Antieke retoriese genres	29
4.5	Die <i>topoi</i> van die argument	30
4.6	Die funksie en temas van die vyf dele van 'n toespraak	31
4.6.1	<i>Exordium</i>	31
4.6.2	<i>Narratio</i>	31
4.6.3	<i>Propositio</i>	32
4.6.4	<i>Argumentatio</i>	32
4.6.5	<i>Peroratio</i>	32
4.7	Oortuigingsmiddele	32
4.7.1	Inleiding	32
4.7.2	<i>Pathos</i> in antieke retoriek	33
4.7.2.1	Inleiding	33
4.7.2.2	Voorwaardes vir die gebruik van <i>pathos</i>	33
4.7.2.3	Die voordele van <i>pathos</i> in 'n toespraak	34
4.7.2.4	Die plek in die toespraak waar <i>pathos</i> gebruik word	35
4.7.3	Humor as onderdeel van <i>pathos</i>	35

INHOUDSOPGAW (vervolg)

4.7.3.1	Inleiding	35
4.7.3.2	Die gebruik van humor	35
4.7.3.3	Voorwaardes vir die gebruik van humor	36
4.7.3.4	Aard van humor	39
4.7.3.5	Klassifikasie van humor	39
4.8	Die plek van antieke retoriek in die voorgestelde metode	41
5.	Die voorgestelde metode	41

HOOFSTUK 4: DIE BEPALING VAN DIE KOMMUNIKATIEWE FUNKSIE VAN HUMOR IN GALASIËRS 5:7-15

1.	Inleiding	43
2.	Die epistolêre vorm van Galasiërs	43
2.1	Briefopening	44
2.2	Briefliggaam	44
2.2.1	Briefliggaam-opening	44
2.2.2	Briefliggaam-middel	45
2.2.3	Briefliggaam-slot	45
2.3	Vermaning (<i>Paraenesis</i>)	45
2.4	Briefslot	46
2.5	Gevolgtrekking	46
3.	'n Ontleding van die gespreksituasie van van Galasiërs 5:7-15	47
3.1	Die identifisering en ontleding van die deiktiese elemente in Galasiërs 5:7-15	47
3.1.1	Die aspek van die persoon	47
3.1.1.1	Die outeur	47
3.1.1.2	Die leser	47
3.1.1.3	Die derde party	48
3.1.2	Die aspek van tyd en ruimte	48
3.1.3	Die aspek van gedeelde kennis	48
3.2	Gevolgtrekking	49
4.	Die samewerkingsbeginsels toegepas op die onderskeie aspekte van die gespreksituasie	49
4.1	Die samewerkingsbeginsels toegepas op die aspek van persoon	49
4.1.1	Kwantiteit	49
4.1.1.1	Die outeur	49
4.1.1.2	Die leser	50

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

4.1.1.3	Die derde party	50
4.1.2	Kwaliteit	50
4.1.2.1	Die outeur	50
4.1.2.2	Die leser	50
4.1.2.3	Die derde party	51
4.1.3	Relasie	51
4.1.3.1	Die outeur	51
4.1.3.2	Die leser	51
4.1.3.3	Die derde party	51
4.1.4	Wyse	52
4.1.4.1	Die outeur	52
4.1.4.2	Die leser	52
4.1.4.3	Die derde party	52
4.2	Die samewerkingsbeginsels toegepas op die aspek van gedeelde kennis	52
4.3	Gevolgtrekking	53
5.	'n Ontleding van die retoriese situasie van Galasiërs 5:7-15	54
5.1	Inleiding	54
5.2	Die bepaling van die <i>status</i> van die humor in Galasiërs 5:7-15	54
5.2.1	Die tema van Galasiërs as agtergrond vir die bepaling van die <i>status</i> van die humor	54
5.2.2	Die <i>causa</i> van die argument	55
5.2.3	Die <i>status</i> van die humor in Galasiërs 5:7-15	56
5.3	Die retoriese genre van Galasiërs	58
5.4	Die <i>topoi</i> in Galasiërs 5:7-15	59
5.5	Die oortuigingsmiddele ter ondersteuning van die argument	60
5.5.1	Die gebruik van <i>logos</i>	60
5.5.2	Die gebruik van <i>ethos</i>	61
5.5.3	Die gebruik van <i>pathos</i>	61
5.5.4	Invloed van die oortuigingsmiddele op die deiktiese elemente	62
5.5.5	Invloed van die oortuigingsmiddele op die beleefdheidsbeginsels	63
6.	Die plek van die humor as <i>pathos</i> in Galasiërs	63
7.	Die nie-letterlike aard van Galasiërs 5:12 en 15	64
8.	Gevolgtrekking	64

HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

1.	Beredenering van die teoretiese raamwerk	66
----	--	----

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

1.1	Die identifisering van humor in Galasiërs 5:7-15	66
1.2	Die stand van navorsing ten opsigte van die bepaling van die funksie van humor	66
1.3	'n Metode om die kommunikatiewe funksie van humor te bepaal	66
2.	Die bepaling van die kommunikatiewe funksie van humor in Galasiërs 5:7-15	67
2.1	'n Epistolêre ontleding van Galasiërs	67
2.2	'n Ontleding van die gespreksituasie van Galasiërs 5:7-15	67
2.3	Die samewerkingsbeginsels van Grice toegepas op die deiktiese elemente van Galasiërs 5:7-15	68
2.4	'n Ontleding van die retoriese situasie van Galasiërs 5:7-15	68
2.4.1	Die <i>status</i> van die humor in Galasiërs 5:7-15	68
2.4.2	Die genre van Galasiërs en die <i>topoi</i> in Galasiërs 5:7-15	69
2.4.3	Die oortuigingsmiddele ter ondersteuning van die argument	69
3.	Gevolgtrekking	69
4.	Aanbevelings vir verdere studie	70

ABSTRACT	71
----------------	----

BIBLIOGRAFIE	72
--------------------	----

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1. Doelstelling

Die doel van hierdie studie is die bepaling van die aard en die kommunikatiewe funksie van die humor in Galasiërs 5:7-15.

2. Probleemstelling

Beide Betz (1979) en Von Campenhausen (1963) identifiseer Galasiërs 5:12 as 'n grap. Von Campenhausen (1963:104) bestempel dit as 'n aaklige grap en Betz (1979:270) noem dit 'n sarkastiese grap. Ook Galasiërs 5:15 word as 'n sarkastiese waarskuwing beskou (Betz, 1979:277). Von Campenhausen verduidelik nie wat Paulus se bedoeling met die grap was nie. Betz (1979:270) aan die ander kant, meen dat die grap gebruik is om die opponente te diskrediteer. Hy (1979:277) maak egter nie duidelik wat die doel van die sarkastiese waarskuwing van Galasiërs 5:15 is nie.

Na aanleiding van die twee navorsers se werk ontstaan die vraag of die twee geïdentifiseerde gedeeltes, en veral Galasiërs 5:12, wel voorbeelde van humor is. Indien wel, watter soort humor is dit en watter kommunikatiewe funksie vervul dit in Galasiërs? Daarom is die tema van dié studie - in breë terme - humor in die brief van Paulus aan die Galasiërs. Met humor word egter nie vertelgrappies bedoel nie. In die huidige studie gaan dit eerder oor skerpsinnighede, onder andere in die vorm van ironie. Deur middel van ironie kan die spreker sy opinie, houding en waardeoordeel kommunikeer. Verder kan hy ook ironie gebruik om onsmaklikhede mee te deel. Die ironie wat vir die funksies gebruik word, is gewoonlik ironie wat affekties gebruik word. Hierdie gebruik van ironie word sarkasme genoem. Dit stem ooreen met Van Jaarsveld (1987:203-211) se mening omtrent ironie. Dié saak word in hoofstuk 3 (§3.5) verder beredeneer. Daarom behels hierdie studie 'n ondersoek na die kommunikatiewe funksie van humor in Galasiërs 5:7-15 en na die interpretasie van die kommunikatiewe funksie van hierdie humor.

2.1 Die stand van navorsing

Navorsing aangaande humor in die Pauliniese Briewe vertoon besondere leemtes. 'n Oogmerk van hierdie studie is om op grond van die ontwikkelinge op die gebied van die antieke retoriek, die antieke epistolografie en die pragmatiek, 'n bydrae te lewer

met betrekking tot die bestudering van humor in die genoemde briewe.

Oor die onderwerp "humor in die Nuwe Testament" is agt bronne opgespoor, waarvan slegs vier as noemenswaardig beskou kan word.¹

In die konklusie van sy 1965 publikasie, 'Humour and Irony in the New Testament; illuminated by parallels in Talmud and Midrash', meld Jónsson (1965:251) dat daar onsekerheid mag bestaan oor sekere van die tekste wat hy as humoristies identifiseer. Hy skryf hierdie onsekerheid toe aan die subjektiewe faktor wat aanwesig is by die verstaan van individuele tekste. Om hierdie leemte te ondervang, stel hy voor dat humor as 'n retoriese handeling beskou moet word. Jónsson se stelling vestig die aandag op die leemte wat daar met betrekking tot die bestudering van antieke briefliteratuur bestaan, naamlik die gebrekkige verdiskontering van antieke retoriek in die bestudering van antieke briefliteratuur.

Von Campenhausen (1963) staan in sy werk 'Aus der Frühzeit des Christentums; Studien zur Kirchengeschichte des ersten und zweiten Jahrhunderts' 'n hoofstuk af aan die geestigheid van die apostel Paulus en die ontwikkeling van humor by die vroeë Christene. Hy (1963:104) stel dat daar slegs een grap in die briewe van Paulus te vinde is en dat dit boonop nog 'n 'blutigen Witz' is. Watter model gebruik is om hierdie *aaklige* grap te identifiseer, word egter nie vermeld nie.

Betz (1979) verduidelik ook nie watter metode hy volg in sy identifisering van Galasiërs 5:12 as 'n grap nie. Uit die voetnoot wat hy verstrek, blyk dit dat hy Von Campenhausen se metode onderskryf. Hy benoem die grap net anders as Von Campenhausen en bied 'n moontlike verklaring van die kommunikatiewe funksie daarvan (kyk §2). Daarom is dit nie nodig om 'n afsonderlike beoordeling van sy metode te verstrek nie.

Spencer (1981) gebruik retoriese stylfigure in die literêr kritiese sin om ondersoek in te stel na die gebruik van ironie in 2 Korintiërs 11:16 - 12:13. Die benadering wat in hierdie artikel gevolg word, kom die naaste aan Jónsson se voorstel dat humor as 'n retoriese handeling ondersoek moet word. In my bespreking van haar metode (kyk hoofstuk 2, §2.4 hieronder) sal die strekking van hierdie stelling duidelik word.

¹ Die noemenswaardige bronne is Jónsson (1965) se 'Humour and Irony in the New Testament; illuminated by parallels in Talmud and Midrash'; Von Campenhausen (1963) se 'Aus der Frühzeit des Christentums; Studien zur Kirchengeschichte des ersten und zweiten Jahrhunderts'; Betz (1979) se 'Galatians. A commentary on Paul's letter to the church in Galatia' en Spencer (1981) se 'The wise fool (and the foolish wise); a study of the irony in Paul'.

Van die oorblywende vier bronne is twee baie populêr, naamlik 'De humor van de Bijbel in het Christelijk leven' deur Okke Jager (1954) en 'Humor in die Bybel' deur Murray Janson (1980). Omdat hierdie werke nie die metode beskryf waarvolgens te werk gegaan word in die identifisering van humor nie, word daar met hierdie enkele opmerking by die beoordeling daarvan volstaan.

Nieting (1983:168) meen dat dit nie moontlik is om humor in die Nuwe Testament te identifiseer deur 'n ondersoek na die kultuur van die Nuwe-Testamentiese wêreld te doen nie. Die wyse waarop hy die humor in die Nuwe Testament wil identifiseer, is om linguistiese en formele komponente van humor wat in sy eie kultuur bekend is, te ondersoek. Hy vergelyk die resultate van die ondersoek met gedeeltes in die Nuwe Testament en waar daar 'n ooreenkoms blyk te wees, is hy van mening dat 'n mens die vermoede kan hê dat die gedeelte as 'n grap bedoel is (Nieting, 1983:168).

Russel (1991) verduidelik in sy voetnotas dat sy werk slegs 'n opsomming van die werk van Jónsson (1965) is en daarom is geen afsonderlike beoordeling daarvan nodig nie.

Aangesien dit uit die vorm blyk dat die Pauliniese Briewe egte briewe is, is dit voor die hand liggend dat hierdie briewe epistolografies ontleed moet word. En gesien in die lig van Jónsson se opmerking dat humor as 'n retoriese handeling beskou moet word, ontstaan die vraag wat die verhouding tussen antieke epistolografie en antieke retoriek in hierdie ondersoek behoort te wees.

2.2 Antieke retoriek en antieke epistolografie

Cornelius (1991:29) wys daarop dat die verhouding tussen antieke epistolografie en antieke retoriek nêrens deur die antieke teoretici eksplisiet bespreek word nie. Hoewel dit 'n probleem is wat Stowers (1986:52) nie spesifiek aanspreek nie, bied sy stelling dat die epistolografiese tradisie relatief onafhanklik van die retoriese tradisie ontwikkel het, 'n moontlike verklaring daarvoor.

Selfs onder resente navorsers oor die antieke epistolografie en die antieke retoriek word verskillende opinies aangetref oor die verhouding tussen hierdie twee dissiplines. Sommige is van mening dat briewe óf glad nie, óf slegs in 'n beperkte mate retories ondersoek moet word. Andere meen weer dat briewe geskrewe toesprake is en daarom primêr retories ondersoek moet word.

Thurén (1990:55-63) vermeld drie maniere waarop hierdie probleem hanteer word:

- die Nuwe-Testamentiese briewe is werklike briewe en daarom word die retoriese benadering as sekondêr beskou, of

- die Nuwe-Testamentiese briewe is toesprake wat wel in geskrewe vorm oorgelewer is met 'n opening en slot, en daarom word die opening en die slot epistolêr ontleed, maar die res van die teks word vanuit 'n retoriese hoek geïnterpreteer, of
- sowel die retoriese as die epistolêre benaderings kan gebruik word om 'n Nuwe-Testamentiese brief in geheel te interpreteer.

White (1972, 1984) kan beskou word as 'n eksponent van die eerste van bogenoemde benaderings. Die epistolêre perspektief word hiervolgens nie tot die opening en slot van 'n brief beperk nie. Aan die hand van kontemporêre private en openbare briefskryfkunde word ook die brieffliggaam van 'n Nuwe-Testamentiese brief epistolografies bestudeer en ontleed. Daarom word 'n brief in geheel (opening, liggaam, slot) epistolografies ontleed. White (1972:2) lê veral klem op die brieffrases wat stereotipes voorkom om sodoende die briefdele te identifiseer.

Berger (1974), Kennedy (1974), Kraftchick (1985) en Betz (1979) is almal eksponente van die tweede benadering tot die analise van 'n Nuwe-Testamentiese brief. Berger (1974:231) meen dat die Nuwe-Testamentiese briewe slegs geadresseerde toesprake is. Kennedy (1974:86-87) huldig die standpunt dat die groete aan die begin en einde van 'n brief slegs daar is omdat die brief hardop voorgelees is en dat die brief in wese 'n toespraak bly. Kraftchick analiseer Galasiërs aan die hand van die retoriese perspektief, maar hy het 'n probleem om ook Galasiërs 1:1-5 in hierdie model te hanteer, soos oortuigend aangetoon is deur Thurén (1990:57). Betz (1979:15), aan die ander kant, probeer 'n middeweg vind. Hy benader die opening en slot epistolografies, maar analiseer die res van die brief retories. Snyman (1989) hoort ook by hierdie benadering van 'n Nuwe-Testamentiese brief tuis. Die titel van sy artikel is " 'n Retoriese indeling van die brief aan Filémon". In sy finale "retoriese" indeling van die brief betempel hy Filémon 1-3 as die briefaanhef en Filémon 23-25 as die groete. Die res van die brief deel hy retories in, en wel soos volg: *exordium* (Filémon 4-10), *probatio* (Filémon 11-16) en *peroratio* (Filémon 17-22). Dit is duidelik dat hy die epistolêre en retoriese terme in die indeling van die brief vermeng. Hierdie geskrif van Snyman is 'n duidelike bewys van die probleem wat daar bestaan in verband met die verhouding tussen retoriek en epistolografie.

Wuellner (1976) en Schnider & Stenger (1987) se werk behoort tot die derde van bogenoemde benaderings. Hulle poeg om briewe sowel epistolografies as retories te benader. Wuellner (1976:334-335) gebruik die epistolografie en retoriek vir die bepaling van die formele raamwerk van die brief en die retoriek vir die bepaling van die retoriese genre en *status* van die argument van die brief. Hy stel egter die epistolografiese dele en die retoriese dele van 'n brief gelyk aan mekaar. Thurén (1990) klassifiseer sy

die werk ook as behorende tot hierdie laaste benaderingswyse.

Wanneer Hübner (1984:241-250) die kommentaar van Betz (1979) oor Galasiërs bespreek, lê hy veral klem op die verhouding tussen die antieke retoriek en antieke epistolografie. Hoewel Betz die epistolografie en retoriek in Galasiërs kombineer, spel hy nie die verhouding tussen die twee dissiplines duidelik uit nie. Hübner (1984:245) meen dat Galasiërs beskou moet word as die teenwoordigstelling ('n brieffunksie) van Paulus se ooredingspoging ('n retoriese funksie). Dit sluit aan by Koskenniemi (1956:38-41) se opmerking omtrent *παρουσία* (teenwoordig wees) wat as die hoof funksie van 'n antieke brief bestempel word.

Alhoewel Cornelius (1991) sowel retories as epistolografies te werk gaan in die bepaling van die funksie van die danksegging in 1 Tessalonisense, word die verhouding tussen dié twee dissiplines nie duidelik uitgespel nie. In haar 1992-publikasie word hierdie probleem egter duideliker hanteer. Daarin spreek sy die mening uit dat - indien die navorser 'n strukturele benadering tot die teks sou volg (indien hy met ander woorde belang stel in die struktuur van die teks) - die navorser retoriek in die geval van 'n toespraak kan inspan om die verskillende retoriese dele en oortuigingsmiddele te identifiseer (Cornelius, 1992:14). In hierdie geval word retoriekteorie op toesprake toegepas soos wat die teorie van narratologie (byvoorbeeld die vertellersperspektief-analise) op narratiewe tekste toegepas word en soos wat die teorie van die epistolografie op briewe toegepas word. Sou die navorser hom op die kommunikatiewe funksie van die teks toespits, sou hy die retoriekteorie kon gebruik om hierdie funksie van 'n teks te bepaal.

Die noue band wat tussen antieke retoriek en antieke epistolografie bestaan, soos dit hierbo aangedui is, dui op die belangrikheid daarvan om albei hierdie dissiplines by die interpretasie van 'n Nuwe-Testamentiese brief te betrek. In hierdie studie word daar by Cornelius (1992) aangesluit. Die epistolografiese studie van 'n Nuwe-Testamentiese brief hou in dat die eksterne vorm van die brief bepaal word. Daar word in hierdie verband struktureel te werk gegaan. Die retoriese bestudering van dieselfde brief rig hom op die kommunikatiewe funksies van die brief.

Aangesien die studie ten doel het om die kommunikatiewe funksie van humor in Galasiërs 5:7-15 te bepaal, is dit eers nodig om die plek van humor in antieke retoriek kortliks aan die orde te stel.

2.3 Antieke retoriek en humor

Leeman & Braet (1987:22) noem in hulle werk 'Klassieke retorica. Haar inhoud, funksie en betekenis' dat humor ook as 'n ooredingsmiddel van die redenaar bestempel

kan word. Dit stem ooreen met Quintilianus se uitspraak dat humor net soos *ethos*, *pathos* en *logos* as 'n oorredingsmiddel gebruik kan word (*De Institutione Oratoria*, 6, 2 en 3). Ook Cicero (*De Oratore*, 2, 216-291) gee 'n breedvoerige uiteensetting van die verskillende aspekte van humor. Met die gebruik van *ethos* en *pathos* in 'n argument het die redenaar ten doel om die hoorder of leser te beïnvloed en om op hierdie wyse effektief te kommunikeer. Verder sê Cicero (*De Oratore*, 2, 216) dat humor ook hoogs effektief in 'n toespraak aangewend kan word.² Om vervolgens die kommunikatiewe funksie van humor te kan beskryf, is daar 'n raamwerk nodig.

Omdat humor in baie gevalle kultuurbepaald is (Raskin, 1985:1), word die aard en die soort humor wat in die eerste eeu as aanvaarbaar geag is, in ag geneem. Quintilianus is gebore tussen 30 en 40 n.C. en het sy werk, *De Institutione Oratoria*, omstreeks 58 n.C. voltooi (Gwynn, 1964:180). Daarom is dit geldig om die werk van Quintilianus vir die vasstelling van die aanvaarbare soorte humor in toesprake in die tipiese eerste eeu se samelewings te gebruik.

2.4 Raamwerk vir die beskrywing van die funksie van humor

Met funksie word hier "kommunikatiewe funksie" bedoel. Buiten Spencer (1981) beskou die ander navorsers³ humor net as 'n tegniek wat 'n gelag by die hoorder of leser ontlok.

Omdat kommunikasie 'n interaksie tussen mense is, is dit moontlik om die kommunikatiewe interaksie wat in 'n teks neerslag vind in bepaalde sinne, uitdrukkings of briefdele, te ondersoek.

Vorster (1990) stel 'n model voor met behulp waarvan die kommunikatiewe funksie van bepaalde dele in 'n brief ondersoek kan word. Hy (1990:109) meen dat taal in 'n gespreksituasie bestudeer moet word en dat betekenis daarom nie deur die verhouding tussen linguale elemente bepaal word nie, maar eerder deur die konteks of situasie waarin die elemente gebruik word. Daarom het briewe nie net 'n informatiewe funksie nie, maar ook 'n kommunikatiewe funksie wat deur die interaksie bewerkstellig word. Hierdie model word 'n interaksionele model genoem (Vorster, 1990:107).

Om die kommunikatiewe funksie van die humor in Galasiërs effektief te kan beskryf, is

² Hierdie standpunt van Cicero word in hoofstuk 3 van die huidige studie ondersoek en bevestig.

³ Okke Jager (1954), Murray Janson (1980), Jakob Jónsson (1965), Von Campenhausen (1963), Lorenz Nicting (1983) en E. A. Russel (1991)

dit nodig dat insigte vanuit die antieke epistolografie (meer formeel-gerig), die antieke retoriek en die moderne pragmatiek (meer funksioneel-gerig) vir die navorsing ontgin word. Met die oog op die antieke retoriek en die antieke epistolografie word die volgende bronne bestudeer:

- * Aristoteles (Τεχνῆς 'Ρητορικῆς)
- * Cicero (*Ad Herrenium, De Oratore*)
- * Demetrius (Περὶ 'Ερμηνείας)
- * Filostratos (*De Epistulis*)
- * Gregorius van Nazianzus (*Epistula 51*)
- * Quintilianus (*De Institutione Oratoria*)
- * Die epistolografiese handboek van Pseudo-Demetrius (Τύποι 'Επιστολικοί)
- * Die epistolografiese handboek van Pseudo-Libanius ('Επιστολικάιοι Χαρακτήρες)
- * Corbett (1965) "Classical rhetoric for the modern student"
- * Doty (1973) "Letters in primitive Christianity"
- * Leeman & Braet (1987) "Klassieke retorika. Haar inhoud, funksie en betekenis"
- * White (1972) "The form and function of the body of the Greek letter"
- * White (1984) "New Testament epistolary literature in the framework of ancient epistolography"

2.5 Samevattende formulering van die probleemstelling

Wat is die aard van die humor in Galasiërs 5:7-15 en die kommunikatiewe funksie daarvan? Deur gebruik te maak van die antieke epistolografie, die antieke retoriek, die moderne pragmatiek en die antieke teorie oor humor, word hierdie probleem in die huidige studie ondersoek.

3. Afbakening

Betz (1979) en Von Campenhausen (1963) identifiseer humor slegs in Galasiërs 5:12 en 5:15 (kyk §2 hierbo). Omdat die twee betrokke verse in 'n perikoop, naamlik Galasiërs 5:7-15, voorkom, word die hele perikoop in dié studie ondersoek.

4. Sentrale teoretiese stelling

In hierdie studie word geargumenteer dat Paulus humor as 'n retoriese strategie gebruik en dat insig in die kommunikatiewe funksie van hierdie antieke strategie belangrike implikasie inhou vir die interpretasie van nie net die humor in die Galasiërbrief

nie, maar ook vir die interpretasie van ander fasette van die brief.

5. Werkplan

Na hierdie inleidende oorsig ontwikkel die argument in hierdie studie soos volg:

- Hoofstuk twee: 'n Kritiese bespreking van die bestaande metodes vir die bepaling van die kommunikatiewe funksie van humor in die Pauliniese Briewe soos wat dit in die vernaamste literatuur neerslag vind.
- Hoofstuk drie: 'n Uiteensetting van die metode wat in hierdie studie gevolg word en die behandeling van relevante terminologie uit die antieke epistolografie, antieke retoriek en moderne pragmatiek.
- Hoofstuk vier: Die bepaling van die kommunikatiewe funksie van die humor in Galasiërs 5:7-15 en die interpretasie van dié humor binne die raamwerk van die interaksionele model.
- Hoofstuk vyf: Gevolgtrekking en aanbevelings.

HOOFSTUK 2

'N EVALUERING VAN BESTAANDE METODES VIR DIE BEPALING VAN DIE KOMMUNIKATIEWE FUNKSIE VAN HUMOR

1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word die verskillende metodes wat deur navorsers (kyk hoofstuk 1, §2.1) aangewend is om humor in die Pauliniese Briewe te beskryf, geïdentifiseer en kortliks bespreek. Sodoende word die stand van navorsing oor humor in die Pauliniese Briewe ook bepaal. Aan elkeen van die geïdentifiseerde navorsers se werk word afsonderlik aandag gegee, sodat die metode wat deur elkeen gevolg is, bepaal kan word. Die navorsers wie se werke hier aan die orde kom, is Von Campenhausen (1963), Jónsson (1965), Nieting (1983) en Spencer (1981). Nieting (1983) word voor Spencer (1981) bespreek, omdat die eerste drie metodes in 'n mate by mekaar hoort. Die onderskeie metodes word evaluerend bespreek om sodoende te bepaal watter metode vir die doel van hierdie studie die nuttigste is en of 'n ander metode voorgestel moet word.

2. 'n Kritiese evaluering van enkele metodes

2.1 Von Campenhausen (1963)

In hoofstuk 1 van hierdie studie is opgemerk dat Von Campenhausen (1963) nie duidelik aantoon met behulp van watter metode hy die humor in Galasiërs identifiseer nie. Dit wil egter voorkom of Von Campenhausen Galasiërs 5:12 bloot intuïtief as 'n grap beskou. Hy motiveer sy intuïsie deur te verwys na die woordspeling wat hy in die Duitse vertaling van die vers bemerk.¹ Die tersaaklike gedeelte is:

ὁφελον καὶ ἀποκόψονται οἱ ἀναστατοῦν-
τες ὑμᾶς

*mag diegene wat julle in verwarring bring, hulleself
ook ontman*

Hieruit is dit duidelik dat hy in 'n sekere sin op 'n etiese wyse met die teks omgaan: Hy

¹ In die Duitse vertaling kom die woorde: "Beschncheidung" en "Verschncheidung" voor, 'n woordspeling wat nie in die oorspronklike bestaan nie (Von Campenhausen, 1963:104).

maak gebruik van inligting wat hy uit 'n twintigste eeuse vertaling verkry en pas dit net so op 'n antieke teks toe.

2.2 Jónsson (1965)

Jónsson (1965) meld duidelik met watter metode hy werk. Die titel van sy werk, "Humour and Irony in the New Testament; illuminated by parallels in Talmud and Midrash", laat blyk dat Jónsson swaar op die Joodse geskryfte steun. Om hierdie geskryfte te verstaan en ook die humor daarin te identifiseer, het hy (1965:9) onder andere gebruik gemaak van die hulp van Joodse rabbies. Hy noem nie eksplisiet dat Paulus deur die Joodse humor beïnvloed is nie, maar tog impliseer hy dit wanneer hy sê dat Paulus 'n rabbi in 'n missionêre situasie was (1965:242).

Hy identifiseer die humor in die Pauliniese Briewe aan die hand van die volgende metode: hy bepaal vyf hoofde (teologiese probleme, gesindheid teenoor opponente, verhouding met Christelike gemeentes, met ander apostels en ten opsigte van homself) waaronder hy gedeeltes uit die briewe kategoriseer. Uit die gedeeltes wat hy onder hierdie hoofde indeel, identifiseer hy die humor.

Die volgende is 'n voorbeeld van hoe Jónsson (1965:234) deur middel van sy metode 'n humoristiese greep in Galasiërs 6:3 identifiseer:

εἰ γὰρ δοκεῖ τις εἶναι τι μὴδὲν ὄν, φρε-
ναπατῇ ἑαυτὸν.

*Wanneer iemand dink dat hy iemand besonders is
en hy is niks nie, mislei hy homself.*

Hierdie vers bespreek hy onder die hoof 'verhouding met Christelike gemeentes'. Hy (1965:234) sê dat trots gevaarlik is, maar dat die selfbedrog van een wat inderwaarheid nie iemand besonders is nie, belaglik is. Paulus is hier in ooreenstemming met die rabbynse tradisie, soos Jónsson met die volgende aanhaling uit die Midrash Koheleth 9, 10 aantoon: "The one who is nothing, but behaves as if he is something, it would be better for him, if he had not been created" (Jónsson, 1965:234).

Verder is Jónsson (1965:223) ook van mening dat Paulus soms antwoorde gee op humoristiese opmerkings van sy opponente. Hierdie stelling van Jónsson kan nie gekontroleer word nie, aangesien daar, sover bekend, geen geskryfte van Paulus se opponente bestaan nie. Verder merk hy (1965:223) ook op dat Paulus met retoriese truuks vrae stel, maar dat dit nie met sekerheid bepaal kan word of die vrae werklik deur die opponente gevra is en of Paulus dit ter wille van effektiewe kommunikasie gekonstrueer het nie. Hy stel dié truuks ook gelyk aan retoriese vrae. Na my mening sou hierdie

tegniek van Paulus veel beter beskryf kon word in terme van die diatribe, soos in die antieke retoriek behandel.² Tog noem hy (1965:223) dat Paulus se vraagstellingstegniek aan dié van 'n Hebreeuse geleerde herinner. Hy behandel egter nie hierdie vraagstellingstegniek van die Jode nie, en daarom hang sy opmerking in die lug.

Wat die antieke epistolografiese konvensies betref, is die volgende wel by Jónsson te bemerk. Hy (1965:223) sê dat wanneer 'n mens die briewe van Paulus lees, dit is net soos wanneer 'n mens by iemand is wat oor 'n telefoon praat; jy hoor nie die woorde van sy gespreksgenoot nie. Hierdie opmerking van Jónsson stem ooreen met die definisie van 'n brief wat Demetrius van Falerom (Περὶ Ἑρμηνείας 223) verstrek:

εἶναι γὰρ τὴν ἐπιστολὴν οἷον τὸ ἕτερον
μέρος τοῦ διαλόγου

'n brief is immers soos die een helfte van die dialoog

Die antieke epistolografiese en antieke retoriese konvensies word origins glad nie deur Jónsson in ag geneem nie.

2.3 Nieting (1983)

Nieting (1983:168) stel voor dat verskeie linguistiese en formele komponente van humor, soos dit in die huidige kultuur bekend is, geïdentifiseer moet word. Wanneer 'n mens een of meer van die genoemde komponente in 'n gedeelte van die Nuwe Testament aantref, kan jy slegs wonder of die gedeelte as grappig bedoel is. Net soos in die geval van Von Campenhausen se metode, laat sy metode 'n mens ook toe om sonder meer op 'n etiese wyse met 'n Nuwe-Testamentiese teks om te gaan, met die verontagsaming van die feit dat huidige kulture en dié van die Nuwe-Testamentiese tyd verskil. Hierdie kulturele verskille maak dit moeilik om te bepaal wat in die Nuwe Testament as humoristies beskou is (Von Campenhausen, 1963:102). Nieting (1983) het self gebruik gemaak van Von Campenhausen (1963) se werk. Hy bly egter in gebreke om die kulturele faktore by humor in ag te neem (kyk Nieting, 1983:170).

2.4 Spencer (1981)

Spencer (1981) se metode om humor in die Pauliniese Briewe op te spoor, is die mees wetenskaplike. Sy (1981:349) gaan van die standpunt uit dat Paulus in 2 Korintiërs 11:16 - 12:13 van indirekte kommunikasie gebruik maak en, volgens haar, is ironie die koningin van alle indirekte kommunikasie. Die metode aan die hand waarvan sy die ironie in die gedeelte identifiseer, is deur middel van die vinding van stilistiese middele

² Kyk Stowers (1981) se "The diatribe in Paul's letter to the Romans"

soos toon, retoriese middele, adversiewe logika, beelde, bywoordelike frases, transformasie van sinne, ensovoorts. Sy (1981:351) is van oordeel dat Paulus van meer as net ironie gebruik maak. Die addisionele element noem sy 'sardonic tone'. Dit is nie bloot sarkasme nie, maar is meer as ironie, en kan daarom as galgehumor getipeer word.

Die retoriese middele wat sy (1981:351) in 2 Korintiërs 11:16 - 12:13 identifiseer, is metafore, ironie, parallelisme, ellips, asindeton en polisindeton. Hierdie retoriese middele wat sy identifiseer, word deur Corbett (1965:425) onder die styl waarin 'n toespraak voorgedra word, gehanteer. Daarom is Spencer se metode myns insiens veral gemik op die beskrywing van die styl waarvan Paulus in 2 Korintiërs 11:16 - 12:13 gebruik maak.

Die metode wat sy volg, is met sekere voorbehoude werkbaar. Een voorbehoud hang saam met die feit dat sy baie gebruik maak van die hoeveelheid stilistiese elemente in 'n gedeelte. Na my mening is dit nie nodig om op grond van die frekwensie van stilistiese elemente tot gevolgtrekkings te kom oor die humor in 'n gedeelte nie. By die retoriese middele noem sy (1981:351) byvoorbeeld dat 50% van die totale aantal retoriese middele wat gebruik word, metafore, ironie en parallelisme is. Hierdie kwantitatiewe metode van haar pas sy op bykans al die stilistiese elemente toe. Hoe meer van hierdie elemente voorkom, hoe grappiger is die gedeelte.

3. Gevolgtrekking

Uit die bespreking hierbo blyk dit dat geen van die bespreekte metodes die verskillende genres van die Nuwe Testament verdiskonteer nie. As gevolg hiervan is daar ook nie aandag geskenk aan die epistolografiese konvensies waarvan Paulus gebruik maak nie. Verder geniet die retoriese konvensies ook nie aandag nie.

Jónsson (1965:223) sê eksplisiet dat hy dieselfde metode gebruik om die humor in die Pauliniese Briewe te identifiseer as wat hy gebruik het om die humor in die Talmoed, Midrash en Evangelies te identifiseer. Von Campenhausen (1963) en Nieting (1983) verdiskonteer glad nie die feit dat die Pauliniese geskrifte briewe is nie. Dit wil voorkom of hulle, veral Nieting, humor in die Nuwe Testament ondersoek bloot om aan te toon dat daar ook in die Bybel humor voorkom. Hoewel Spencer (1981) die mees wetenskaplike van die bespreekte metodes gebruik om humor in die Pauliniese Briewe te ondersoek en hoewel sy die geskrif wat sy bestudeer, 'n brief noem, verdiskonteer ook sy nie die antieke epistolografiese konvensies nie. Die feit dat die genoemde navorsers nie die genre van die Pauliniese geskrifte in ag neem nie, bring mee dat hulle ook nie die epistolografiese konvensies in die Pauliniese Briewe in hulle ondersoek verreken

nie.

Wat die retoriese konvensies betref, is dit net Spencer en Jónsson wat rakelings daaraan aandag gee. Spencer noem nie retoriek of retoriese konvensies eksplisiet nie, maar sy ondersoek stilistiese elemente en retoriese middele wat in antieke retoriek onder styl ressorteer.

Uit die bespreking van Von Campenhausen (1963) en Nieting (1983) se metodes, is dit duidelik dat dit van geen nut vir hierdie studie is nie. Jónsson is in dié opsig dat hy die aandag daarop vestig dat Paulus 'n Jood is, ter sake. Moontlike raakvlakke met Joodse humor kan vir hierdie studie belangrik wees. Aangesien hierdie studie egter gerig is op die bepaling van die kommunikatiewe funksie van humor word van dié stelling eers net kennis geneem. Dit word wel in hoofstuk 5 aangeroe. Die drie metodes is dus ontoereikend vir die bepaling van die kommunikatiewe funksie van humor in die Pauliniese Briewe.

Uit die bespreking van Spencer (1981) se metode is dit duidelik dat dit ook nie op sigself volledig geskik is nie. Sy slaag wel daarin om humor in die Pauliniese Briewe op 'n wetenskaplik verantwoorde wyse te identifiseer, maar bied nie 'n bevredigende verklaring van die funksie daarvan nie.

Aangesien die bestaande metodes nie bruikbaar is nie, is dit nodig om 'n alternatiewe metode daar te stel. Hierdie metode, asook die basiese terminologie in verband daarmee, kom in die volgende hoofstuk aan die orde.

HOOFSTUK 3

'N METODE OM DIE KOMMUNIKATIEWE FUNKSIE VAN HUMOR TE BEPAAL

1. Inleiding

In dié hoofstuk word die metode wat in hierdie studie gevolg word vir die bepaling van die kommunikatiewe funksie van humor volledig uiteengesit. Daar word ook aan die spesifieke terminologie aandag geskenk. Om 'n geldige interpretasie van die kommunikatiewe funksie van die humor in Galasiërs 5:7-15 te maak, is dit nodig om gebruik te maak van tersaaklike insigte van die antieke epistolografie, moderne pragmatiek en antieke retoriek.

Sover dit die antieke epistolografie aangaan, word by die insigte met betrekking tot die epistolêre vorm aansluiting gevind, soos ontwikkel en beskryf deur White (1972, 1984, en 1986).

Sover dit die pragmatiek aangaan, word daar by die insigte van Grice (1975), Leech (1983) en Violi (1985), en spesifiek by Vorster (1990 en 1991) aansluiting gevind.

Binne 'n interaksionele model moet antieke retoriek en pragmatiek saam gebruik word, want die retoriese situasie is in die gespreksituasie gesetel (Vorster, 1991:107). Daarom word antieke retoriek gebruik wanneer die argument van 'n Nuwe-Testamentiese brief ondersoek word (Vorster, 1991:44). Wanneer die kommunikeerbaarheid van 'n Nuwe-Testamentiese brief ondersoek word, word pragmatiek gebruik. Daarom is dit nodig dat die relevante insigte van sowel die pragmatiek as antieke retoriek in hierdie hoofstuk bespreek word.

Vir die retoriese komponent van die voorgestelde metode word by Aristoteles (Τεχνικὴ Ῥητορική), Quintilianus (*De Institutione Oratoria*), Cicero (*De Oratore*), Demetrius (Περὶ Ἑρμηνείας) en Vorster (1990 en 1991) aansluiting gevind.

Die volgende sake kom vervolgens aan die orde: die tersaaklike insigte van onderskeidelik die antieke epistolografie, die moderne pragmatiek en die antieke retoriek.

2. Tersaaklike insigte vanuit die antieke epistolografie

2.1 Inleiding

Aangesien Galasiërs 'n antieke brief is, is dit geldig om aan te neem dat dit met an-

tieke epistolografiese konvensies omtrent die struktuur van die antieke brief ooreenstem. Aan die hand van die papiusbriewe het White (1986:198) tot die gevolgtrekking geraak dat 'n antieke brief uit drie dele bestaan, naamlik 'n briefopening, 'n briefliggaam en 'n briefslot. Dié data het hy ook met ten opsigte van Nuwe-Testamentiese briewe gekontroleer. Daar is bepaalde veranderinge wat Nuwe-Testamentiese skrywers aan die basiese vorm aangebring het en dit word in die onderstaande bespreking van die briefdele uitgelig.

2.2 Die briefopening

Die briefopening bestaan uit die volgende drie komponente, en juis in hierdie volgorde: Die sender stel homself bekend en noem daarna die ontvanger by die naam. Ten laaste kom die groet en soms ook 'n gesondheidswens. 'n Voorbeeld van so 'n briefopening is: Φιλόξενος Ἀπολλῶτι τῷ ἀδελφῷ χαίρειν καὶ ἑρρῶσθαι. (PTEbt I 34) - *Filoksenos aan suster Apollos, groete en sterkte*. In die gesondheidswens kon die sender die ontvanger ook verseker dat hy nog in sy gebede aan hom dink - (White, 1984:1734).

Die veranderinge wat Nuwe-Testamentiese skrywers aan hierdie vorm aangebring het, het ook die inhoud van die drie komponente beïnvloed en sodoende die plooibaarheid van die antieke konvensies aangedui. In die briefopening stel die skrywer homself nie net bekend deur sy naam te noem nie, maar hy noem ook sy hoedanigheid. Verder word die ontvangers met Christelike terme nader gekwalifiseer (White, 1984:1740). Die groetwoord χαίρειν word vervang met 'n eiesoortige groetformule wat met die liturgiese groet ooreenstem (White, 1984:1740). 1 Korintiërs 1:3 is 'n voorbeeld van so 'n groetformule: χάρις ὑμῖν καὶ εἰρήνη ἀπὸ θεοῦ πατρὸς ἡμῶν καὶ κυρίου Ἰησοῦ Χριστοῦ. - *Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus*.

Die gesondheidswens van die buite Bybelse briewe is tot 'n danksegging omvorm. Hierin word God gewoonlik gedank vir die goeie hoedanighede van die ontvangers (Doty, 1973:31).

2.3 Die briefliggaam

Die briefliggaam word gewoonlik ingelei deur 'n frase soos γινώσκεις σε θέλω ὅτι (*ek wil hê jy moet weet dat*). Die basiese funksie van die briefliggaam is om (1) nuus mee te deel of nuus te vra, of (2) om versoeke te rig of bevele te gee (White, 1984:1736). Die briefliggaam is ook in drie dele verdeelbaar, naamlik briefliggaam-opening, briefliggaam-middel en briefliggaam-slot (White, 1972:1). Hierdie dele is op grond van inleidingsfrases identifiseerbaar. Die briefliggaam-opening word uitgekien

aan 'n frase soos hierbo genoem is. Dit kan ook deur middel van uitdrukkings van vreugde en verbasing ingelei word, soos in die gevalle van Filemon en Galasiërs (White, 1972:48 en 49). In die brieffliggaam-opening word een van die volgende sake genoem: nuwe inligting word bekend gemaak, en vorige kommunikasie waarvan beide party bewus is, word óf herroep, óf die geadresseerde word in kennis gestel van die stand van sake waarby albei partye belang het (White, 1972:39). Die brieffliggaam-opening stel dus die belangrikste saak rakende gemeenskaplike belang aan die orde.

Die brieffliggaam-middel word ingelei deur 'n frase soos γνώριζε οὐ δύνατον ὄν ἔτι ... (weet dat dit nie meer moontlik is nie ...) of deur 'n frase met een of ander verwante vorm van γινώσκω. Nadat die belangrikste saak bekend gestel is, word die boodskap in die brieffliggaam-middel verder gevoer. Dit kan op een van die volgende maniere geskied: Die relevante detail wat in die brieffliggaam-opening genoem is, word ontwikkel; nuwe en ewe belangrike sake word bekend gestel, of nuwe sake van minder belang word bekend gemaak (White, 1972:39).

Die brieffliggaam-slot word herken aan 'n frase wat bekend maak waaroor daar geskryf is, soos γέγραφα οὖν σοι ὅπως εἰδῇς (ek het aan jou geskryf sodat jy kan weet) (White, 1972:4). Die funksie van die brieffliggaam-slot is tweërlei van aard. Eerstens word die hoofmotivering vir die skryf van die brief verstrek. Dit word gedoen deur dit wat gesê is, te beklemtoon of te herhaal. Tweedens word die basis daargestel vir toekomstige kommunikasie (White, 1972:40).

Die brieffliggaam van Nuwe-Testamentiese briewe is in verhouding veel langer as dié van gewone papiusbriewe. White (1984:1742) voer aan dat dit moontlik deur mondelinge tradisies beïnvloed is.

Die Nuwe-Testamentiese briewe se brieffliggaam word gewoonlik afgesluit met 'n *parainesis* en 'n apostoliese *parousia*. In die *parainesis* word die laaste vermanings gegee en in die apostoliese *parousia* word die wens uitgespreek om binnekort by die ontvangers 'n besoek af te lê.

2.4 Die brieffslot

In die brieffslot word ἔρρωσο of εὐτύχει gewoonlik as groet gebruik. In plaas van net die groet het die Nuwe-Testamentiese briewe gewoonlik ook 'n seënwens.

2.5 Die plek van antieke epistolografie in die voorgestelde metode

Aangesien humor slegs in bepaalde dele van 'n antieke toespraak voorkom (kyk §4.7.2.4), is die resultate van die epistolografiese ontleding van die brief in die metode

nuttig. Trouens, die ontleding van die epistolêre vorm is 'n noodsaaklike stap in die voorgestelde metode om die kommunikatiewe funksie van humor te bepaal. Die doel van hierdie ontleding is om te bepaal in watter briefdele die geïdentifiseerde humor, indien dit wel humor is, voorkom.

Vervolgens word aandag aan die tersaaklike insigte vanuit die moderne pragmatiek geskenk.

3. Tersaaklike insigte vanuit die moderne pragmatiek

3.1 Inleiding

Pragmatiek kan aangewend word om die kommunikatiewe funksie van 'n uiting binne 'n gesprek te bepaal. 'n Gesprek is 'n interaksie tussen mense en die interaksie word selfs in 'n brief teenwoordig gestel. 'n Brief word immers geskryf om die ruimtelike skeiding tussen twee korrespondente te oorbrug (Violi, 1985:156, kyk ook Koskenniemi, 1956:38). Die brief vervul daarom dieselfde kommunikatiewe funksie as 'n persoonlike gesprek en kan dus as 'n surrogaat vir 'n persoonlike gesprek beskou word. Die volgende stelling van Cicero tipeer hierdie eienskap van 'n brief:

aut quid mihi iucundius, quam, cum coram tecum loqui non possim, aut scribere ad te aut tuas legere litteras? (Epistulae ad Familiares, 12, 30, 1)

Siende dat ek nie persoonlik met jou kan praat nie, wat is vir my 'n groter plesier, as om aan jou 'n brief te skryf of om jou briewe te lees?

Daarom is pragmatiek bruikbaar in die bepaling van die kommunikatiewe funksie van gedeeltes in 'n brief. Die soort vraag wat pragmatiek wil beantwoord, is volgens Leech (1983:6), "Wat bedoel jy met daardie spesifieke uiting van jou?" Daarom gaan dit eerder oor die bedoeling van 'n uiting as oor die betekenis daarvan.

Om die kommunikatiewe funksie van 'n uiting te kan bepaal, is dit nodig om by die groter geheel te begin, naamlik die gespreksituasie waarin die uiting voorkom. Daarom is dit nodig dat die aard van die verhouding tussen die outeur en die lesers - soos dit uit die hele brief duidelik word - beskryf word. Dit verseker 'n primêre verdiskontering van die tekstuele konteks van die gedeelte waarvan die gespreksituasie ontleed word.

3.2 Die gespreksituasie

3.2.1 Inleiding

Die gespreksituasie moet ten opsigte van die aspekte van persone, tyd, ruimte en ge-

deelde kennis ontleed word. Sodoende word dit moontlik om - met inagneming van die samewerkingsbeginsels en die beleefdheidsbeginsels - die interaksie wat in die brief teenwoordig is, eksplisiet te maak.

Die inligting wat uit 'n bestudering van die gespreksituasie in 'n brief verkry word, kan bydra tot die bepaling van die kommunikatiewe funksies van taaluitings. Die bestudering van die gespreksituasie word aan die hand van deiktiese elemente, soos voornaamwoorde en woorde wat op tyd en ruimte dui, gedoen.

3.2.2 Die aspek van die spreker/outeur

Die onderskeid tussen die historiese outeur en die geënkodeerde outeur, soos Vorster (1991:60) dit gebruik en verduidelik, is vir hierdie studie van belang. Die geënkodeerde outeur word deur sekere "spore" in die teks gemanifesteer, soos sy handtekening of sy eie bekendstelling in die briefopening (Violi, 1985:150). Selfs anonieme briewe se geënkodeerde outeur word eksplisiet gemaak met frases soos " 'n gewaardeerde vriend" of "jy weet wie" (Violi, 1985:151).

Die historiese outeur en die geënkodeerde outeur kan nie simplisties aan mekaar gelyk gestel word nie. Die eienskappe van die geënkodeerde outeur, soos dit uit die teks geïnterpreteer word, is slegs enkele eienskappe van die historiese outeur. Dié bietjie inligting is te min om die historiese outeur daardeur volledig te kan beskryf. Die historiese outeur behoort tot die historiese situasie. 'n Historiese situasie omvat al die gebeure, objekte, persone, abstraksies en verskeie relasies wat 'n situasie konstitueer soos dit in die verlede in tyd en ruimte bestaan het (Botha, 1991:198).¹ 'n Teks wat historiese gebeure oordra, is noodwendig 'n konstruksie van die werklike situasie deur die skrywer.²

Vir die doel van die studie word daar dus op die geënkodeerde outeur gekonsentreer, en wanneer daar na 'Paulus' verwys word, word die geënkodeerde outeur bedoel. Die "spore" waardeur die geënkodeerde outeur bekend word, is die deiktiese elemente waarmee die geënkodeerde outeur na homself verwys. In die geval van 'n brief is dit in die meeste gevalle "ek" of "ons".

¹ Botha (1991:143-146 en 189-192) gee in sy proefskrif 'n breedvoerige bespreking omtrent die historiese, epistolêre en retoriese situasie.

² In die retoriese situasie (kyk §4.2) kom daar slegs enkele elemente van die historiese situasie voor.

3.2.3 Die aspek van die hoorder/leser

Net soos by die outeur moet daar tussen die historiese leser en die implisiete leser onderskeid getref word. Die argument wat aangevoer is by die erkenning van die historiese outeur uit die eienskappe van die geënkodeerde outeur, geld ook vir die historiese leser. In die geval van Galasiërs is die historiese leser(s) die gelowiges in Galasië.

Die deiktiese elemente waardeur die implisiete leser bekend word, is "jy" of "julle". Die implisiete leser word ook bekend deur frases wat die geënkodeerde outeur aanwend om dié leser mee aan te spreek. Verder meld Violi (1985:152) dat die implisiete leser van 'n brief baie spesifiek is, met ander woorde 'n spesifieke individu of 'n bepaalde groep lesers. Die kennis wat die geënkodeerde outeur oor die implisiete leser se kennis en vaardighede het, staan as gedeelde kennis bekend (§3.2.6).

Perelman & Olbrechts-Tyteca (1969:19) bestempel die implisiete leser as dié persoon vir wie die outeur met sy argumente wil oordeel. Die feit dat die implisiete leser vanuit die geënkodeerde outeur se perspektief bekend word, moet verdiskonteer word. Daarom sê Vorster (1991:61) tereg dat die implisiete leser 'n "intentional tool" - 'n skepping van die geënkodeerde outeur - is.

3.2.4 Die aspek van die tyd

Die tyd wanneer 'n brief geskryf is, word gewoonlik eksplisiet genoem. Alle ander elemente in die brief wat betrekking het op tyd, word rondom dié vermelde tyd georganiseer (Violi, 1985:153). Daar is ook deiktiese elemente wat tyd aandui (woorde soos "toe", "nou" en "môre"). Die tydelemente in die brief kan vanuit die geënkodeerde outeur of die implisiete leser se perspektief beskryf word (Violi, 1985:155), en word onderskeidelik enkoderende en dekoderende tyd genoem (Fillmore, 1975:44). Hy (1975:53) meen dat hierdie onderskeid hoofsaaklik in skriftelike kommunikasie voorkom. Die onderskeid kan met die volgende voorbeelde geïllustreer word:

1. Ek sit by my lessenaar en skryf hierdie tranebrief aan jou.
2. Wanneer jy die brief lees, is ek waarskynlik al baie ver.

In die eerste voorbeeld is die tyd wat daar ter sprake is die "enkoderende tyd", want dit stel die tyd voor in terme van die tyd toe die brief geskryf is. Fillmore (1975:10) stel dat die tyd ook uit die werkwoord se tyd afgelei kan word. Die tyd in die tweede voorbeeld dui op die "dekoderende tyd", want dit stel die tyd voor in terme van die tyd waarop die brief gelees word.

Fillmore (1975:31) tref verder 'n onderskeid tussen kalendriese en nie-kalendriese tyd.

Nie-kalendriese tyd word aangedui deur die genoemde deiktiese elemente en kalendriese tyd deur woorde wat 'n spesifieke begin en einde van 'n tydeenheid aandui, soos "hierdie jaar" of "volgende week".

3.2.5 Die aspek van die ruimte

Net soos by die aspek van tyd word die plek waar die brief geskryf is partymaal eksplisiet genoem. Die vermelde plek verwys gewoonlik na 'n werklike plek, naamlik waar die skrywer hom bevind (Violi, 1985:153). Die ruimte-elemente in die brief word ook rondom hierdie plek georganiseer. Die deiktiese elemente wat plek aandui, is "hier", "daar" en "ander kant". Die ruimte-elemente is, soos die tydelemente, vanuit die geënkodeerde outeur se perspektief geskryf.

Die ruimte-elemente in die brief kan vanuit die geënkodeerde outeur of die implisiete leser se perspektief beskryf word (Violi, 1985:155), en word onderskeidelik enkoderende en dekoderende plek genoem (Fillmore, 1975:54). Die onderskeid word veral by briewe aangetref, omdat die skrywer en die leser hulle nie op dieselfde plekke bevind nie. Dit is juis die rede hoekom 'n brief ontstaan (Violi, 1985:156), 'n feit wat reeds by die antieke teoretici se besinnings oor briewe na vore gekom het (vergelyk Cicero, *Epistulae ad Familiares*, 12, 30, 1).

3.2.6 Die aspek van die gedeelde kennis

Die geënkodeerde outeur is goed bekend met die implisiete leser se vaardighede en kennis (kyk §3.2.3). Dit is die agtergrondkennis wat deur die implisiete leser en geënkodeerde outeur gedeel word (Leech, 1983:13). Met hierdie gedeelde kennis is die implisiete leser in staat om die taaluitings van die geënkodeerde outeur te kan interpreteer.³

Die gedeelde kennis raak die volgende sake: sosiale sisteem, tradisionele gewoontes en gebruike van 'n kultuur, die spesifieke gespreksituasie en die aard van die verhouding tussen die spreker/geënkodeerde outeur en die hoorder/implisiete leser (Bach & Harnish, 1979:5).

Die volgende tersaaklike aspek van die moderne pragmatiek is die samewerkingsbeginsels.

³ By die gebruik van 'n indirekte taalhandeling (kyk §3.5) is hierdie aspek van 'n gespreksituasie van kardinale belang.

3.3 Die samewerkingsbeginsels

3.3.1 Inleiding

Grice (1975:45) meen dat die gespreksbydrae van 'n spreker in alle opsigte gepas moet wees. Wanneer die sprekers so optree, kom hulle die samewerkingsbeginsels na. Die beginsels word in vier kategorië verdeel, naamlik kwantiteit, kwaliteit, relasie en wyse. Die vier kategorië word vervolgens kortliks behandel en met voorbeelde geïllustreer.

3.3.2 Die kategorie van kwantiteit

Hierdie kategorie het die volgende stelreëls:

1. Die bydrae tot die gesprek moet soveel informasie verstrek as wat op daardie stadium van die gesprek nodig is.
2. Daar mag nie meer informasie verstrek word as wat nodig is nie.

In die volgende voorbeeld word die tweede stelreël van kwantiteit oortree:

A word deur B aanbeveel vir 'n skakelbordoperateurspos waar vriendelikheid 'n voorvereiste is. Aan die einde van die aanbeveling verstrek B nog die volgende inligting: "Ek sal dit nie waag om haar te vra om één woord reg te spel nie."

Die inligting wat B oor A se spelvermoë verstrek, is vir die voorvereiste van die geadverteerde pos oorbodig. Dit is duidelik dat daar onnodige en dus te veel informasie oorgedra word.

3.3.3 Die kategorie van kwaliteit

By hierdie kategorie onderskei Grice (1975:46) 'n superstelreël en twee meer spesifieke stelreëls. Eersgenoemde is: Probeer om jou bydrae 'n bydrae te maak wat waar is. Die ander twee meer spesifieke stelreëls is:

1. Moenie iets sê wat jy glo vals is nie.
2. Moenie iets sê waarvoor jy nie oor genoegsame bewyse beskik nie.

Dit is veral by die gebruik van stylfigure, soos byvoorbeeld ironie en hiperbool, waar een of albei van die meer spesifieke stelreëls van hierdie kategorie oortree word. Wanneer die spreker byvoorbeeld vir die hoorder gewag het en ongeduldig sê: "Ek wag al eeue vir jou." In die stelling steek daar beslis geen letterlike waarheid nie, want

dit is vir geen sterflike wese moontlik om so lank te wag nie. Die hiperbool druk duidelik die ongeduld van die spreker uit.

3.3.4 Die kategorie van relasie

Al wat Grice (1975:46) in verband met hierdie kategorie sê, is dat jou bydrae, hetsy in 'n gesprek of in jou eie stelling, relevant moet wees. Byvoorbeeld:

"Ek vra toe vir die regisseur hoe ver ek van die kamera af moet wees, om goed te lyk. Hy vra toe vir my: 'Het jy 'n motor?'"

Die vraag van die regisseur lyk in die eerste instansie nie relevant nie. Wat het die besit van 'n motor tog met die goed lyk voor die kamera te make? Die uiting van die regisseur behoort daarom as 'n indirekte taalhandeling (kyk §3.5) verstaan te word, voordat die relevansie tot die gesprek blyk.

3.3.5 Die kategorie van wyse

By hierdie kategorie gaan dit nie oor wat gesê word nie, maar oor "hoe" dit gesê word. Grice (1975:46) verstrek hier ook 'n superstelreël, naamlik dat jou uiting duidelik moet wees. Die ander stelreëls is:

1. Vermoë obskure uitdrukkings.
2. Vermoë meerduidigheid.
3. Wees bondig; vermoë enige onnodige praterij.
4. Wees ordelik.

'n Voorbeeld waar die stelreël van eenduidigheid oortree word, is in die opmerking wat B maak:

A: "Met die kinders in die huis kry my vrou nie veel tyd om klavier te speel nie."

B: "Is kinders nie 'n seën nie?"

Die opmerking van B kan op twee verskillende maniere geïnterpreteer word, naamlik dat die kinders 'n seën is, omdat die vrou nie baie goed klavier speel nie, óf, sarkasties bedoel, dat B saamstem dat kinders 'n las is.

3.3.6 Gevolgtrekking

Uit die toepassing van die samewerkingsbeginsels blyk die moontlike oortredings van

die beginsels deur die geënkodeerde outeur. Hierdie oortredings laat die indirekte taalhandelinge duidelik blyk.

Naas die samewerkingsbeginsels is daar ook die beleefdheidsbeginsels wat by die kommunikeerbaarheid van 'n uiting in ag geneem kan word. De Bruyn (1991:96) meen dat dit moontlik sou wees om die beleefdheidsbeginsels as 'n voorwaarde onder die samewerkingsbeginsels te klassifiseer. Hy verduidelik dit aan die hand van die volgende voorbeeld (1991:94):

A: "Ons sal almal na Jan en Anna verlang, nie waar nie?"

B: "Wel, ons sal almal na Ján verlang."

Hieruit is dit duidelik dat B die samewerkingsbeginsels oortree met betrekking tot die kategorie van kwantiteit. Die spreker kon maar net geantwoord het met "ja". Om egter aan die beleefdheidsbeginsel te voldoen, was hierdie oortreding egter nodig.

Daarom is dit nodig om in breër terme na die beleefdheidsbeginsel te kyk.

3.4 Die beleefdheidsbeginsel

Leech (1983:131) stel dat beleefdheid betrekking het op die verhouding tussen die deelnemers aan 'n gesprek. Traugott & Pratt (1980:247) maak dit nog duideliker, naamlik dat beleefdheid basies daarop neerkom dat die spreker, sonder om die werklike situasie in ag te neem, die hoorder as sy meerdere ag. Leech (1983:131) sê verder dat die beleefdheid ook teenoor ander omstanders betoon word wat nie noodwendig deelnemers aan die gesprek is nie.

'n Voorbeeld waar die beleefdheidsbeginsel in werking kom, is wanneer 'n bevel omskep word in 'n versoek. In plaas daarvan om te sê:

"Gee die suiker aan!"

sê die spreker eerder:

"Jan, sal jy nie asseblief vir my die suiker aangee nie?"

Hierdie soort taalhandeling word as indirek bestempel (Van Jaarsveld, 1987:130). Indirekte taalhandelinge kom later in hierdie hoofstuk aan die orde (§3.5).

Leech (1983:132) gee die volgende stelreëls wat onder die beleefdheidsbeginsel ressorteer. By die stelreëls word vir duidelikheid ook voorbeelde verstrek:

1. Takt-stelreël:
Minimaliseer koste en maksimaliseer voordeel vir ander.
In plaas van - "Gee vir my die suiker aan", - eerder: "Jan, sal jy asseblief vir my die suiker aangee?"
2. Vrygewigheid-stelreël:
Minimaliseer voordeel en maksimaliseer die koste vir jouself.
In plaas van - "Jy moet jou fiets vir my leen", - eerder: "Jy is welkom om my fiets te leen."
3. Goedkeuring-stelreël:
Minimaliseer afkeuring van ander; maksimaliseer lof vir ander.
In die voorbeeld word die betrokke stelreël oortree deurdat onvanpaste en benadelende inligting verskaf word. A word deur B aanbeveel vir 'n skakelbordoperateurspos waar vriendelikheid 'n voorvereiste is. Aan die einde van die aanbeveling verstrek B nog die volgende inligting: "Ek sal dit nie waag om haar te vra om één woord reg te spel nie."
4. Beskeidenheid-stelreël:
Minimaliseer lof vir jouself; maksimaliseer afkeuring van jouself.
"Neem asseblief hierdie geskenkie as 'n poging tot 'n blykie van ons waar-dering vir jou opoffering."
5. Ooreenstemming-stelreël:
Minimaliseer onenigheid tussen jouself en ander; maksimaliseer ooreenstemming tussen jouself en ander.
A: "Dit was nou 'n goeie fliek, nie waar nie?"
B: "Ja-nee, dit is so, maar op sekere plekke was dit maar bra vervelig.
Dink jy nie so nie?"
6. Simpatie-stelreël:
Minimaliseer antipatie tussen jouself en ander; maksimaliseer simpatie tussen jouself en ander.
In plaas van - "Ek is jammer om te hoor jou hond het gevrek", - eerder: "My innige meegevoel met jou verlies."

Die nakoming van hierdie beginsels beïnvloed die inhoud van 'n gesprek ten opsigte van die vier kategorieë van die samewerkingsbeginsels van Grice, naamlik kwaliteit, kwantiteit, relasie en wyse (Cornelius, 1991:37). Daar is tot dusver nouliks daaroor besin dat die beleefdheidsbeginsels as voorwaarde onder die samewerkingsbeginsels geklassifiseer sou kon word (De Bruyn, 1991:96). Tog blyk die toepassing van hierdie beginsel noodsaaklik te wees.

Dikwels gebeur dit dat 'n gedeelte van 'n uiting nie sommer op die sigwaarde verstaan kan word nie. Daar word vervolgens aan hierdie verskynsel aandag geskenk.

3.5 Indirekte taalhandeling

Direkte taalhandelings is uitings wat deur die spreker gemaak word wat sonder enige probleme op 'n geldige wyse deur die hoorder geïnterpreteer kan word. Die hoorder het nie nodig om op grond van afleidings die uiting te verstaan nie. Die volgende voorbeeld illustreer die verskil tussen direkte en indirekte taalhandelinge. Die konteks waarbinne die stelling, "Ek versoek jou om die venster toe te maak", teenoor 'n hoorder geuit word, kan byvoorbeeld wees: dit is 'n bitter koue wintersoggend en die vertrek waarin die spreker en hoorder hulle bevind se vensters is wawyd oop. Dit is onmoontlik dat die hoorder bogenoemde uiting anders as 'n versoek kan verstaan. Deurdat die spreker die woord "versoek" gebruik, skakel dit alle ander interpretasiemoontlikhede uit. Die hoorder hoef ook nie van afleiding gebruik te maak om die uiting te interpreteer nie. Indien die spreker sou sê: "Mintig, maar dit is koud", kon die hoorder, indien hy nie die pragmatiese betekenis van die uiting gesnap het nie, bloot instemmend meegedoen het met: "Ja, dit is nogal koud vandag."

So 'n respons laat blyk dat die hoorder glad nie die moontlikheid van 'n indirekte taalhandeling oorweeg het nie. Hy het die uiting bloot as 'n mededeling oor die weer verstaan. Indien die hoorder egter die venster dadelik toegemaak het, toon hy dat hy die uiting dadelik as 'n versoek interpreteer. Searle (1979) bied 'n uitgebreide bespreking van indirekte taalhandelinge. Hy (1979:30) noem as eienskap daarvan dat die betekenis van die spreker se uiting en die sin se betekenis in verskillende rigtings uiteengaan. Met behulp van die voorbeeld wat hierbo gebruik is ("Mintig, maar dit is koud"), is aangetoon dat sinne wat nie oor performatiewe werkwoorde beskik nie en nie duidelik as 'n vraag, stelling of bevel gemerk word nie, indirekte taalhandelinge is (Levinson, 1983:264).

'n Indirekte taalhandeling bring 'n mens egter voor die probleem te staan, naamlik hoe dit moontlik is dat die hoorder wel die afleiding kan maak om die vensters toe te maak by die uiting "Mintig, maar dit is koud". Searle (1979:32) stel dat 'n mens kennis van taalhandelinge, samewerkingsbeginsels en 'n gemeenskaplike agtergrondskennis van beide die spreker en die hoorder benodig om die indirektheid van 'n taalhandeling te verstaan en dus te verduidelik.

Daar is egter ook 'n onderskeid tussen indirekte taalhandelinge en nie-letterlike taalhandelinge (kyk Van Jaarsveld, 1987:198-199 en Levinson, 1983:147-165). 'n Nie-letterlike taalhandeling is 'n indirekte taalhandeling wat nie meer letterlik verstaan kan word nie. So 'n indirekte taalhandeling se implikasie is egter nog meer verskuil as die van 'n gewone indirekte taalhandeling wat nog letterlik verstaan kan word. Wanneer 'n bedoelde nie-letterlike taalhandeling wel letterlik opgeneem word, blyk dit egter absurd te wees. Die nie-letterlike taalhandeling is gewoonlik op die oog af irrelevant tot

die gesprek (Levinson, 1983:161). Die absurditeit van die letterlike verstaan van die nie-letterlike bedoeling word in die volgende voorbeeld geïllustreer:

Een van die lede van 'n gesprekskring raak na 'n rits argumente warm onder die boordjie. Hy lewer 'n opruimende betoog. Warm gepraat, gaan sit hy. Iemand reageer soos volg hierop: "Gits! Die man het 'n geel hemp aan."

Die uiting is totaal irrelevant tot die situasie en 'n letterlike verstaan daarvan maak geen sin nie.

Ironie wat 'n deel van humor is (§4.7.3.5), ressorteer onder nie-letterlike taalhandelinge (Van Jaarsveld, 1987:202). Ironie word gebruik om bepaalde opinies, houdings en oordele oor bepaalde persone, dade of plekke te gee (Van Jaarsveld, 1987:203). Die spreker gee immers leidrade soos oordrywing, idiomatiese taalgebruik en beeldspraak om aan te dui dat die uiting as nie-letterlik geïnterpreteer behoort te word. Die spanning wat daar tussen die saaklike inhoud van 'n gedeelte en 'n uiting bestaan, kan ook 'n leidraad wees (Van Jaarsveld, 1987:200).

Sodra daar 'n oortreding van een of ander samewerkingsbeginsel is, soos in die geval ironie, gee die oortreding aanleiding tot 'n gespreksimplikasie (Grice, 1975:49). Daarom kan ironie as 'n gespreksimplikasie bestempel word (De Bruyn, 1991:84).

Indien die spreker ironie affekties gebruik, kan dit die bedoeling van geestigheid of sarkasme hê. In die gevalle waar dit as sarkasme bedoel word, word die kategorie van kwaliteit gewoonlik oortree. Sarkasme het ten doel om seer te maak of te benadeel (Van Jaarsveld, 1987:209). In die geval van geestigheid is die effek nie so bytend soos by sarkasme nie. Hier is dit eerder 'n oortreding van die kategorie van relasie. Wanneer die hoorder die nie-letterlike bedoeling van 'n uiting snap, ontstaan daar 'n gevoel van solidariteit tussen die spreker en die hoorder (Van Jaarsveld, 1987:209).

3.6 Die plek van moderne pragmatiek in die voorgestelde metode

Met behulp van die moderne pragmatiek kan antwoorde op die volgende vrae oor 'n teks verkry word:

- * watter verhouding is daar tussen die geënkodeerde outeur en implisiete leser?
- * hoe kommunikeerbaar is die uiting wat gemaak word?
- * watter samewerkingsbeginsels word oortree?
- * in watter mate vind indirekte kommunikasie plaas?
- * is daar sprake van 'n nie-letterlike taalhandeling?
- * watter moontlike gedeelde kennis is daar tussen die geënkodeerde outeur en

die implisiete leser?

Die antwoorde help met die bepaling van die kommunikatiewe funksie van 'n spesifieke gedeelte. Die kommunikatiewe funksies van spesifieke gedeeltes in 'n brief kan nie slegs met behulp van die moderne pragmatiek bepaal word nie (kyk §1). Tussen moderne pragmatiek en antieke retoriek is daar binne 'n interaksionele model 'n seker mate van samewerking. Die tersaaklike insigte vanuit die antieke retoriek wat in die metode gebruik word, word vervolgens bespreek.

4. Tersaaklike insigte vanuit die antieke retoriek

4.1 Inleiding

Retoriek kan gedefinieer word as die vermoë om vir enige onderwerp die geskikste oortuigingsmiddele te vind, en die oortuigingsmiddele op 'n effektiewe wyse te kommunikeer om die gehoor of die leser te oorreed. Argumentvoering is 'n rasonale, verbale vorm van sosiale interaksie wat 'n definitiewe begin en einde het en wat ten doel het om te oorreed (Vorster, 1991:52). Deurdat dit 'n rasonale, verbale vorm van sosiale interaksie genoem word, word dit midde in die gespreksituasie geplaas.

Daar is ook elemente van tyd en ruimte in argumentvoering betrokke. Daarby is daar ook 'n spreker en 'n hoorder betrokke, en omdat die spreker en die hoorder oor gedeelde kennis beskik, is die argumentvoering vir hulle duidelik en verstaanbaar. Die enigste verskil tussen 'n argumentvoering en 'n gewone gesprek is dat eersgenoemde dikwels in die afwesigheid van die hoorder voorberei word, terwyl laasgenoemde spontaan tussen die twee persone ontwikkel. Daarom is dit duidelik dat 'n argumentvoering 'n spesifieke vorm van interaksie is. 'n Argumentvoering kan nie substantief wees nie. Iemand moes iets gedoen of gesê het wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van 'n argumentvoering, met ander woorde argumentvoering is interaksioneel (Vorster, 1991:56).

Dit bring mens by die vraag na die *causa* of *quaestio* van die argument, naamlik die daad of uiting wat aanleiding gegee het tot die argumentvoering. Anders gestel, die argumentvoering is 'n respons op 'n situasie, ook genoem die retoriese situasie, waarin een of ander behoefte aanwesig is.

4.2 Die retoriese situasie

Bitzer (1968:6) definieer 'n retoriese situasie soos volg:

"... a complex of persons, events, objects and relations presenting an actual or potential exigence which can be completely or partially removed if discourse, introduced into the situation, can so constrain human decision or action as to bring about the significant modification of the exigence."

Die opmerking wat hierbo (§4.1) gemaak is omtrent die persone en ander elemente in 'n argumentvoering stem met die definisie van Bitzer ooreen. Die vraag is nou hoe die retoriese situasie bepaal kan word.

Wanneer 'n mens Nuwe-Testamentiese briewe bestudeer, is dit van groot belang om die *status* (kyk §4.3) daarvan te bepaal. Die *status* is immers die vraag waarop die brief as argumentvoering 'n respons is. Dit is moontlik om gedeeltelik met behulp van die gespreksituasie die retoriese situasie te vind (Vorster, 1991:53). Die oorsaak (*causa*) wat hierbo (kyk §4.1) genoem is, konkretiseer die behoefte van die retoriese situasie. Dit (*causa*) domineer die retoriese situasie en bepaal ook die *status* van die argumentering. Dié *causa* mag verander soos wat die argumentvoering vorder, omdat die spreker wanneer hy die toespraak voorberei, tot 'n fiktiewe besluit kan kom. Wanneer die *causa* verander, verander die *status* van die argumentvoering. Aan die ander kant, die *status* van die argument bepaal weer die genre van die argument.

Dit is egter moeilik om die *status* van die argumentvoering te bepaal, veral wanneer 'n mens nie self by die retoriese situasie betrokke was nie. Die *status* word nooit eksplisiet in die argumentvoering genoem nie, want dit is deel van die *inventio*. Daarom moet die *status* uit die teks afgelei word (Vorster, 1991:55). Dit beteken dat daar tussen die lyne gelees moet word en dit gebeur deur die ontleding van die gespreksituasie. Die retoriese situasie kan ook net vanuit die geënkodeerde outeur se perspektief bepaal word, omdat daar van die ontleding van die gespreksituasie gebruik gemaak word.

Deur 'n teks op funksionele wyse retories en epistolografies te ontleed, is dit moontlik om die *status* te bepaal. Wanneer die teks funksioneel retories ontleed word, word die probleem wat aangespreek word, aan die begin gedefinieer of gesuggereer. Die strukturele epistolografiese ontleding help ook met die bepaling van die *status*. Die probleem word aan die begin en einde van die brieffliggaam gedefinieer, genoem of gesuggereer (kyl White 1972:2 en Schnider & Stenger 1987:50-67). Die deiktiese elemente, soos tyd en ruimte, kan ook indikasies gee van wat die *status* van die retoriese situasie is (kyk Vorster 1991:56).

Die *status* wat telkens hier genoem is, is afkomstig van die *status*-leer van Hermagoras. Om die term duideliker te maak, word dié *status*-leer vervolgens bespreek.

4.3 Status-leer

In boek 7 van sy *De Institutione Oratoria* gee Quintilianus 'n uitgebreide bespreking van Hermagoras se *status*-leer. Hy bespreek dit onder die rangskikking van die argumente, wat hy as die tweede taak van die redenaar beskou. Deur middel van 'n aantal vrae wat die voornemende spreker aan homself vra, neem hy elke omstandigheid en moontlike ontwikkeling van die saak in ag (*De Institutione Oratoria*, 7, Pr., 4). Opsommend kan die *status*-leer soos volg uiteengesit word:

- * *status coniecturae*: Daar bestaan twyfel oor die feite en die spreker vra of so 'n daad waarvan die beskuldigde aangekla word, wel bestaan.
- * *status definitionis*: Nadat daar duidelikheid oor die feite verkry is, moet die daad wat deur die aangeklaagde gepleeg is, gedefinieer word.
- * *status qualitatis*: By die verdediging van die aangeklaagde en ter versagting word daar gevra of die daad wat gepleeg is, nie dalk regverdigbaar is nie.
- * *status translationis*: Indien die daad nie geregverdig kan word nie, bestaan daar 'n ander moontlikheid, naamlik om die skuld op iemand anders oor te dra. Anders moet daar beken word dat die aangeklaagde onkundig was, of die voordele van die daad moet teen die nadele daarvan opgeweer word.

In §4.2 is daar opgemerk dat die *status* van die argument ook die genre van die argument bepaal. Dit sal daarom nuttig wees om ook die verskillende genres van die antieke toesprake hier te bespreek.

4.4 Antieke retoriese genres

In die antieke retoriek word drie genres deur Aristoteles (Τεχνῆς Ῥητορικῆς, 1, 3, 1-5), Cicero (*De Partitione Oratoria*, 3, 10 - 4, 11) en Quintilianus (*De Institutione Oratoria*, 3, 7-9) onderskei, naamlik:

- * γένος συμβουλευτικόν / *genus deliberativum* ('n toespraak oor samelewings-aangeleenthede)
Dit is 'n aanmoedigende of ontmoedigende toespraak. Die hoorders kan aangemoedig word om 'n sekere koers te volg wat beter is as die een wat hulle tans volg. Hulle kan ook ontmoedig word van 'n koers wat slegter is as die een wat hulle behoort te volg. By die sake wat in dié soort toespraak voorkom, kan reg en onreg, eer en skande ook ingesluit word. Soos die naam aandui het dit met samelewingsaangeleenthede te doen, maar dit kan ook gebruik word in die pri-

vate lewe. Dit kan ook 'n politieke toespraak genoem word, want dit het te make met die onderlinge saam leef van die bevolking en die gewenste koers wat ingeslaan behoort te word. Aristoteles (Τεχνῆς Ῥητορικῆς, 1, 3, 4) meen dat dit gerig is op die toekoms. .

- γένος δικανικόν / *genus iudiciale* ('n toespraak oor regsangeleenthede)
Dit is 'n genre wat gebruik word om aan te kla of te verdedig. Met dié toespraak word veral reg en onreg aangetoon (Aristoteles, Τεχνῆς Ῥητορικῆς, 1, 3, 5). Dit is 'n tipiese toespraak wat in die hof gebruik word. Hierdie toespraak is, wat tyd betref, veral gerig op die verlede.
- γένος ἐπιδεικτικόν / *genus demonstrativum* ('n toespraak oor gebeurlikhede in die hede)
Die genre het lof of blaam as onderwerp. In dié toespraak word dit wat eerbaar is lof toegeswaai en dit wat skandelik is gekritiseer. Die toespraak word veral gebruik as 'n begrafnisrede of by 'n gelukwensing. Die toespraak is op die hede gerig. Dit word ook bestempel as 'n toespraak vir vertoning soos by 'n antieke debatskompetisie.

Die verskillende genres bepaal ook die mees geskikte *topoi* wat in die toespraak gebruik behoort te word. Daarom help die *status* en die *topoi* om die genre van die argument van 'n Nuwe-Testamentiese brief te bepaal.

4.5 Die *topoi* van die argument

Naas die *status* van die argument is daar ook die *topos* wat onder die *inventio* ressorteer. *Topos* moet egter nie met "topics" verwar word nie. Die *topos* van 'n argument is, simplisties gestel, die taktiese manoeuvres wat die persone in die retoriese situasie gebruik (Van Eemeren & Grootendorst, 1987:65). Cooper (1960:15) vertaal dit met "lines of argument". Anders gestel, *topoi* is die vooronderstellings (premisses) van die persone wat betrokke is in die retoriese situasie, wat soms eksplisiet, maar in die meeste gevalle implisiet in die argument is (Van Eemeren & Grootendorst, 1987:225). Die vooronderstellings moet in 'n nuwe samehang met die waardes van die samelewing waarin die brief funksioneer, beskou word (Vorster, 1991:66).

Deur die *topoi* in 'n Nuwe-Testamentiese brief te identifiseer en te analiseer, help dit met die bepaling van die vertrekpunt van die argument. Wanneer 'n mens tussen die lyne van die verskillende argumente lees, kan die *topoi* gevind word. So kan 'n mens die vooronderstellings of waardes opspoor wat aan die argumente onderliggend is.

Vorster (1991:66) stel dit ook dat die *topoi* 'n respons op die retoriese situasie is. In-

dien die spreker effektief wil argumenteer, moet die *topoi* by die hele argument pas. Die *topoi* is natuurlik gepas vanuit die geënkodeerde outeur se perspektief. Die resultate van die ondersoek na die *topoi* gekombineer met dié van die *status*-bepaling kan 'n mens by 'n nog geldiger afleiding omtrent die behoefte van die situasie bring. Hieruit blyk die verhouding wat daar tussen die *status* en *topoi* van 'n argument bestaan.

Verder gee die *topoi* 'n blik op die "sosiale wêreld" van die brief, want die *topoi* verteenwoordig dit wat voor die hand liggend is en nie nodig is om beredeneer te word nie. Daarom kan die identifisering en analisering van die *topoi* help met die konstruksie van die 'sosiale wêreld' waarin die brief gefunksioneer het.

Nadat die groter geheel van die uitings in Galasiërs 5:12 en 15 vanuit die antieke retoriek ook bepaal is, kan daar vervolgens beweeg word na die identifisering van die onderskeie oortuigingsmiddele in die groter geheel. Maar alvorens dit gedoen word, is dit eers nodig om die verskillende dele van 'n antieke toespraak te bespreek met verwysing na die temas en funksies daarvan.

4.6 Die funksies en temas van die vyf dele van 'n toespraak

Cicero (*De Partitione Oratoria*, 8, 27) meen dat die eerste en laaste dele van die rede hoofsaaklik dien om die gewenste emosies by die hoorder op te wek. Vervolgens word die tema en funksie van elke deel van die toespraak afsonderlik beskryf om te bepaal waar die onderskeie oortuigingsmiddele aangewend behoort te word.

4.6.1 Exordium

Quintilianus (*De Institutione Oratoria*, 4, 1, 5) sê dat die doel van die *exordium* is om die hoorders op so 'n wyse voor te berei dat hulle bereid sal wees om na die res van die toespraak te luister. Cicero (*De Partitione Oratoria*, 8, 28) meen dat die doel van die *exordium* eerder drieledig van aard is, naamlik om die gehoor vriendelik te stem, om die gehoor leergierig te maak en aandag by hulle wakker te maak. Hoewel die menings klink of dit verskil, is dit inderwaarheid ooreenstemmend. Cicero stel dit net meer uitgebreid.

Die spreker kan *ethos* en *pathos* in die *exordium* gebruik, sodat die *exordium* sy funksie ten volle kan vervul.

4.6.2 Narratio

Die funksie van hierdie deel van die rede is om die agtergrond wat tot die toespraak gelei het, aan die gehoor duidelik te maak. Aristoteles (Τεχνικῆς Ῥητορικῆς, 3, 16,

3) lê daarop klem dat 'n διήγησις (*narratio*) net nodig is waar die agtergrondkennis nie aan die gehoor bekend is nie.

4.6.3 *Propositio*

Alvorens die argument beredeneer word, word daar 'n stelling deur die spreker gemaak en 'n indeling gegee waarvolgens geargumenteer gaan word.

4.6.4 *Argumentatio*

In hierdie gedeelte word die kant van die saak wat die spreker beredeneer, bekragtig deur die eie kant goed te beredeneer en die teenparty se saak te weerlê.

4.6.5 *Peroratio*

Hier word die saak saamgevat en 'n laaste poging word aangewend om die gehoor so te beïnvloed dat hulle die spreker se saak ondersteun. Hierdie beïnvloeding word ook deur middel van *pathos* gedoen.

Noudat die temas en funksies van die onderskeie retoriese dele van 'n toespraak bekend is, kan die oortuigingsmiddele van die antieke retoriek bespreek word.

4.7 Oortuigingsmiddele

4.7.1 Inleiding

Die oortuigingsmiddele waarvan 'n spreker gebruik kan maak, val in twee dele uiteen, naamlik tegniese en nie-tegniese oortuigingsmiddele. Nie-tegniese oortuigingsmiddele is wette, getuies, kontrakte en ander dokumente, marteling en ede (Aristoteles, Τεχνικῆς Ῥητορικῆς, 1, 15, 2). Tegniese oortuigingsmiddele is *ethos*, *pathos* en *logos* (Aristoteles, Τεχνικῆς Ῥητορικῆς, 1, 2, 3). Wanneer die spreker van *ethos* gebruik maak, het hy ten doel om homself by die gehoor geloofwaardig te maak. Mense luister immers eerder na iemand wat geloofwaardig is as andersins. Die spreker maak van *pathos* gebruik wanneer hy die gehoor se emosies wil beïnvloed, aangesien mens se oordeel oor 'n saak saamhang met blydschap of hartseer en liefde of haat. Die laaste middel, naamlik *logos*, is die logiese aanbieding van die argumente.

Benewens die drie oortuigingsmiddele wat Aristoteles noem, meen Quintilianus (*De Institutione Oratoria*, 6, 3, 1) dat ook humor 'n tegniese oortuigingsmiddel is. Alhoewel Cicero en Quintilianus humor nie eksplisiet as 'n afsonderlike oortuigingsmiddel vermeld nie, bespreek hulle humor in die antieke retoriek tog afsonderlik, en wel in 'n

noue samehang met *pathos*.

Om te kan bepaal wat die aard van die humor in die antieke retoriek is en hoe dit gebruik is, is dit noodsaaklik om die antieke teoretici, Aristoteles, Demetrius, Cicero en Quintilianus, te raadpleeg. Eerstens word die gebruik van *pathos* in die antieke retoriek bespreek. Daarna, omdat humor deel van *pathos* uitmaak, word die gebruik van humor, die aard daarvan, die verskillende soorte en die voorwaardes vir die gebruik daarvan bespreek.

4.7.2 *Pathos* in antieke retoriek

4.7.2.1 Inleiding

Die antieke teoretici het dit baie belangrik geag dat die gehoor gunstig teenoor die redenaar ingesteld moet wees. Hierdie gunstigheid behoort eerder deur middel van *pathos* bewerk te word as deur middel van logiese argumente of beraadslaging. Verder blyk die erns van *pathos* daarin dat mense in die meeste gevalle eerder op grond van een of ander emosie oordeel as op grond van objektiewe feite (Cicero, *De Oratore*, 2, 178). Indien die redenaar *pathos* wil implementeer, is daar verskillende voorwaardes waaraan voldoen moet word.

4.7.2.2 Voorwaardes vir die gebruik van *pathos*

Die redenaar moet eers bepaal of 'n saak werklik die gebruik van *pathos* vereis. Die omstandighede van die saak maak dit vir die redenaar duidelik of hy enigsins van *pathos* gebruik moet maak. Wanneer *pathos* sommer vir enige saak gebruik word, dui dit op 'n onvermoë van die redenaar wat ongewenste gevolge kan hê. Hierdie ongewenste gevolge is onder andere bespotting van die redenaar en haat teenoor hom. Onoordeelkundige gebruik van *pathos* is kenmerkend van 'n redenaar wat sommer blindelings met *pathos* die saak begin, soos iemand wat oorgetig is om 'n boom te wil ontwortel wat nie eens beweeg kan word nie (Cicero, *De Oratore*, 2, 205).

Wanneer die redenaar oortuig is dat die betrokke saak wel *pathos* vereis, moet hy homself nog eers vergewis watter elemente die spesifieke verlangde emosie by die gehoor kan opwek. Dieselfde elemente wek nie dieselfde emosie by alle mense op nie. Daarom moet die redenaar homself vergewis watter dinge die bepaalde emosie by die spesifieke hoorders veroorsaak. Vir die opwekking van enige emosie is daar drie faktore wat die redenaar in aanmerking moet neem. Met betrekking tot woede is dit byvoorbeeld nodig om te weet wat die geestestoestand van die betrokkenes is, vir wie hulle gewoonlik kwaad word en waarvoor (Aristoteles, *Τεχνικὴ Ῥητορικὴς*, 2, 1, 9)

Noudat die redenaar op die spesifieke emosie besluit het wat hy by die hoorders wil opwek en weet watter elemente nuttig gaan wees om dit te bewerkstellig, bly daar nog een baie belangrike voorwaarde oor, naamlik om te besluit op die gepaste styl vir sy kommunikasie. Dit is immers onmoontlik om 'n spesifieke emosie by die hoorders op te wek, indien die redenaar nie self die emosie ervaar en die styl van sy taal daarvan getuig nie. Aristoteles (Τεχνικὴ Ῥητορικὴς, 3, 7, 3) wys daarop dat wanneer daar van goddelooshede of skandelikhede sprake is, die styl van die redenaar se taal verontwaardiging en verbasing behoort te toon. Dit is nodig dat die betrokke emosie ook in die taal van die redenaar blyk, want dit help met die oortuiging in die saak. Die emosie waarmee die redenaar praat, betrek die hoorder so by die saak dat hy met die redenaar simpatiseer, al sou hy niks sê nie (Aristoteles, Τεχνικὴ Ῥητορικὴς, 3, 7, 5).

Wanneer die redenaar die voorwaardes nakom en *pathos* op 'n oordeelkundige wyse implementeer, is daar sekere voordele vir verskeie aspekte van die toespraak.

4.7.2.3 Die voordele van *pathos* in 'n toespraak

Dit is so dat mense nie graag wil erken dat hulle besluite in baie gevalle deur hulle emosies beïnvloed is nie en soms is hulle ook skaam oor sodanige besluite. Wanneer hulle terugkyk na hierdie besluite, is hulle van mening dat hulle 'n heel ander besluit sou geneem het, indien hulle nie tóé so gevoel het nie. Vir die redenaar is dit egter 'n voordeel om te weet dat mense nie dieselfde oordele gee wanneer hulle pyn, blydskap, liefde of haat ervaar nie (Aristoteles, Τεχνικὴ Ῥητορικὴς, 1, 2, 5), as wanneer hulle sou moes oordeel sonder dat hulle een van hierdie emosies ervaar.

Hierbo (kyk §4.7.2.1) is opgemerk dat dit voordelig is as die gehoor gunstig ingesteld is teenoor die redenaar. Hierdie gunstigstelling moet eerder met *pathos* as met argumente bewerkstellig word. Die hoorder se aandag kan by die saak betrek word, indien die redenaar dit aan die hoorder sou stel dat die saak oor belangrike en bewonderingswaardige dinge handel wat tot die hoorder(s) se voordeel strek. Andersins kan hy dit aan hulle stel dat dit onbenullige sake is en net tot hulle nadeel strek, wanneer hulle nie met aandag hoef te luister nie (Aristoteles, Τεχνικὴ Ῥητορικὴς, 3, 14, 7).

Pathos is nie alleen voordelig vir die redenaar nie, maar dit help ook die hoorders om die agtergrond van die hele saak en die argument beter te verstaan. In die *narratio* word die agtergrond van die saak aan die hoorders geskets, daarom is dit ook wys om *pathos* hier aan te wend (Aristoteles, Τεχνικὴ Ῥητορικὴς, 3, 16, 10).

Bewyse en argumente kan 'n regter oortuig dat jou saak beter is as dié van jou opponent, maar hartstog oortref hierdie bewyse en argumente in so 'n mate dat die regter naderhand wens jou saak wen, en as hy dit eers wens, maak hy dit maklik self waar

(Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 2, 5). Wanneer die redenaar daarin geslaag het dat die regter wens die redenaar se saak is die beter een, het hy *pathos* op 'n vernuftige wyse gebruik. Dit kan hom verder in staat stel om die regter so by die saak betrokke te laat voel dat laasgenoemde naderhand glo dat hy persoonlike belang daarby het. Met die regter só persoonlik betrokke by die saak, kan die redenaar met die gebruik van *pathos* verder veroorsaak dat die regter as 't ware 'n premature uitspraak maak deur byvoorbeeld 'n traan te stort terwyl hy die saak nog aanhoor (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 2, 7)

Aangesien die plek waar *pathos* in 'n toespraak voorkom van kardinale belang is om effektief te kan kommunikeer, word hierdie saak vervolgens bespreek.

4.7.2.4 Die plek in die toespraak waar *pathos* gebruik word

Hierbo (kyk §4.6.1 en 4.6.5) is daar melding gemaak daarvan dat die *exordium* en die *peroratio* die geskikste plekke is om *pathos* te gebruik. Die belangrikste doel van die *peroratio* is om die gehoor emosioneel op te werk (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 2, 1). Buiten die *exordium* en *peroratio* kan *pathos* egter ook in die *narratio* gebruik word (Aristoteles, Τεχνικὴ Ῥητορικὴς, 3, 16, 10).

Nadat die algemene gebruik van *pathos* nou verduidelik is, kan die een spesifieke onderdeel daarvan wat vir hierdie studie van kardinale belang is, naamlik humor, nou bespreek word.

4.7.3 Humor as onderdeel van *pathos*

4.7.3.1 Inleiding

Daar is nou al telkemale melding daarvan gemaak dat humor deel uitmaak van *pathos*. Daar is ook opgemerk dat Cicero en Quintilianus humor in 'n noue verband met *pathos* bespreek. Hieruit kan afgelei word dat humor, en dit is goed bekend, 'n emosie van vrolikheid by die hoorders opwek. Die effek wat humor het en behoort te hê, word hier bespreek. Ook die voorwaardes verbonde aan die gebruik daarvan en die soorte humor sal aandag geniet. In die uiteensetting hieronder word verder aangetoon watter soort humor in die eerste-eeuse samelewings as aanvaarbaar beskou is.

4.7.3.2 Die gebruik van humor

Soos dit ten opsigte van *pathos* oor die algemeen geld, is daar vir die redenaar sekere voordele wanneer hy humor oordeelkundig in sy toespraak gebruik. Die antieke teoretici word vervolgens oor hierdie aangeleenthede geraadpleeg.

Met behulp van humor word die sombere emosies verdryf en 'n vrolike atmosfeer onder die hoorders geskep (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 1). Die vrolikheid wat die redenaar met humor by die hoorders bewerkstellig, veroorsaak 'n natuurlike welwillendheid teenoor hom, want almal bewonder skerpsinnigheid wat in response voorkom (Cicero, *De Oratore*, 2, 236). Die effektiewe gebruik van humor dui daarop dat humor die hoorders aandagtig maak. Redenaars het egter ook van humor gebruik gemaak om die hoorders se aandag van die saak af weg te lei (Aristoteles, *Τεχνικῆς Ῥητορικῆς*, 3, 14, 7). Afgesien daarvan dat humor gebruik kan word om die hoorders se aandag van die saak af weg te lei, kan dit hulle ook verfris en verkwik wanneer die saak vervelig word (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 1).

Die redenaar het met die gebruik van humor nie alleen die voordeel dat hy die hoorders en die regter se emosies op die genoemde wyse kan beïnvloed nie, maar ook dat hy sy opponent se argumente daarmee belaglik kan maak. 'n Goeie redenaar behoort in staat te wees om 'n opponent se erns met geestigheid te ondermyn en andersom (Aristoteles, *Τεχνικῆς Ῥητορικῆς*, 3, 18, 7). Humor word ook gebruik om die opponent se argument te verbrysel, te weerlê en te verkleineer (Cicero, *De Oratore*, 2, 236).

Humor kan ook daartoe bydra om die geloofwaardigheid van die redenaar te verhoog, want die gebruik daarvan toon die redenaar as 'n beskaafde, geleerde en goedgemaanierde man (Cicero, *De Oratore*, 2, 236). Die ontspanne atmosfeer en goedgeunstigheid van die hoorders wat deur humor bewerkstellig kan word, kan uiteindelik daartoe bydra dat die skaal na die kant waarvoor die redenaar gepleit het kantel (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 9). Dus kan die saak deur die gebruik van humor bevoordeel word.

Al hierdie voordele kan alleen verkry word, indien die redenaar die bepaalde voorwaardes verbonde aan die gebruik van humor in gedagte hou.

4.7.3.3 Voorwaardes vir die gebruik van humor

Die redenaar dra die verantwoordelikheid om te oordeel of die gebruik van humor in 'n spesifieke saak geregverdig is. Dit geld vir enige ander omstandigheid waarin 'n persoon hom sou bevind. In sekere omstandighede en in sekere gesprekke is dit nie geoorloof om humor te gebruik nie. Afgesien van die geleentheid, speel die geaardheid van die persoon ook 'n rol. Party mense besit die vermoë om iets op so 'n wyse te sê dat dit onmoontlik is om nie te lag nie. Die vermoë omvat ook 'n besondere gewoonte of manier van kyk waaroor die persoon beskik. Die vermoë kan moeilik deur iemand anders nageboots word (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 11 en 12).

Wanneer die redenaar die geleentheid beoordeel, moet hy ook homself vergewis in wie

se geselskap hy hom bevind. Dit is gewoonlik die mense met wie hy goed oor die weg kom teenoor wie hy humor kan gebruik (Aristoteles, Τεχνῆς Ῥητορικῆς, 2, 4, 13). 'n Bykomende faktor, betreffende die mense in wie se geselskap die redenaar hom bevind, is hul ouderdom. Jongmense hou meer daarvan om te lag as bejaardes. Geestigheid is 'n louterende vrypostigheid wat 'n kenmerk van jongmense is, maar oumense is klaerig (Aristoteles, Τεχνῆς Ῥητορικῆς, 2, 12, 16 en 2, 13, 15).

Afgesien van die geleentheid en die mense teenwoordig, behoort die redenaar ook die regter se temperament en vele ander sake in ag te neem. Hierdie sake sluit die volgende in: wie die spreker is, wat die aard van die saak is, wie die regter is, wie die slagoffer is en wat die aard van die opmerkings is wat gemaak word (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 28).

Indien die redenaar van oordeel is dat die saak en al die omstandighede die gebruik van humor regverdig, moet hy nog besluit hoe ver hy dit mag voer. Persone wat dade van buitengewone gemeenheid gepleeg het of buitengewone ellende veroorsaak het, kan nie maklik met humor vir die hoorders aanvaarbaar gemaak word nie. Hulle wil sulke mense eerder met 'n wapen van een of ander aard bykom as met humor. Verder moet die redenaar ook besondere sorg dra vir die populêre aansien. Dit beteken dat hy nie sonder meer iemand wat deur die hoorders hooggeag word met humor belaglik moet maak nie (Cicero, *De Oratore*, 2, 237).

Noudat die voorwaardes aangaande die geleentheid en omstandighede vir die gebruik van humor bespreek is, word daar nou oorgegaan tot die voorwaardes verbonde aan die soort humor wat geoorloof is om te gebruik. Die eerste vereiste in verband met die humor self, is dat dit verkieslik bondig moet wees. Die bondigheid veroorsaak dat die humor skerpsinniger is (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 45). Humor is bondig wanneer dit in 'n gesegde of 'n respons gebruik word. Humor wat in response gebruik word is skerpsinniger, omdat dit daar in die situasie, gedurende 'n woordewisseling of kruisondervraging uitgedink word. Dit vind beter byval as dié wat vooraf uitgedink is. Dié wat vooraf uitgedink is, word gewoonlik in aanvalle gebruik (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 46).

Buiten die voorwaardes wat daar gestel word ten opsigte van die gebruik en soorte humor, is daar geen ander vasgestelde reëls nie. Die feit dat daar geen leermeesters is vir die beoefening van humor nie, dra daartoe by dat daar nie vasgestelde reëls is nie. Omdat daar nie reëls is nie, is dit nodig dat die humor wat in toesprake gebruik word, moet aanpas by dié wat in daaglikse gesprekke gebruik word. Dit bring mee dat 'n bytende geskerts ook in toesprake toelaatbaar is, want dit word geredelik ook by sosiale byeenkomste gebruik (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 14).

Alhoewel die redenaar sy humor by die gebruikelike moet aanpas, is daar een ding wat hy baie goed moet onthou, en dit is dat hy dubbelsinnigheid met 'n seksuele ondertoon en ander onsedelikhede moet vermy. Dit is die soort humor wat deur klugspelers gebruik word (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 47). Seksuele onsedelikheid as tema word ten sterkste verbied; daar mag nie eens 'n suggestie daarvan in die taal van die redenaar voorkom nie (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 29).

Afgesien van onsedelikheid, is dit die redenaar ook nie geoorloof om humor van brutale en arrogante aard te gebruik nie (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 33). Selfs al is die skandelige daad of kragtige woord lagwekkend, moet dit vermy word want dit pas nie by 'n opgevoede en waardige persoon nie (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 83). In plaas daarvan dat die redenaar brutaliteit in sy taal toon, is dit beter dat hy van ironie gebruik maak. Dit is in ieder geval waardiger vir 'n redenaar wat homself as 'n gesofistikeerde persoon aan sy hoorders wil bekend stel (Aristoteles, *Τεχνῆς Ῥητορικῆς*, 3, 18, 7)

Dit is geoorloof om misvormdheid en fisiese gebreke in die humor te laat figureer. Die fisiese misvormdheid word gewoonlik uit die woorde of optrede van die teenstander afgelei (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 8 en 37).

Die redenaar moet wel sy humor by die gebruikelike aanpas, maar hy moet nie so ver gaan as om 'n gekskeerder en koggelaar te word nie (Cicero, *De Oratore*, 2, 239). Sou die redenaar homself van 'n gekskeerder en 'n koggelaar wil onderskei, moet hy skerp-sinnighede beheersd en gematigd gebruik en kwinkslae behoort seldsaam voor te kom. Die geestigheid moet immers vordering in die toespraak meebring (Cicero, *De Oratore*, 2, 247). Die redenaar behoort nie behep te wees met geestigheid nie. Sodoende onderskei hy hom van 'n gekskeerder en 'n koggelaar. Trouens, 'n onbeheerste gebruik van humor kan meebring dat die redenaar sy waardigheid verloor. Dit bring mee dat sy geloofwaardigheid by die hoorders in gedrang kan kom (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 30).

By sosiale byeenkomste en in daaglikse gesprek is 'n mate van vryheid ten opsigte van humor nie onvanpas nie. Opgewektheid is immers vir almal aanneemlik. Daar moet egter gewaak word dat die humor nie kwets nie. 'n Belangrike reël om te hou is om eerder jou geestigheid as 'n vriend te verloor. Die reël geld ook vir humor in 'n toespraak. Beledigings en bytende taal mag nie teen 'n opponent gebruik word nie, maar hy mag openlik van 'n misdaad beskuldig word en die swaarste straf mag van die wet geëis word (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 28).

Noudat dit duidelik is watter voorwaardes die antieke teoretici gestel het aan die gebruik van humor, word die aard en daarna die verskillende soorte humor wat wel ge-

bruik kan word, ondersoek.

4.7.3.4 Aard van humor

Kenmerkend van humor is die aangename aard daarvan. Dit is veral hierdie aangeenheid wat die ontspanne atmosfeer by hoorders bewerkstellig. Die sêgoed wat 'n gelag by die hoorders opwek, is ook gewoonlik iets wat eintlik opsetlik onwaar en verdraaid is. Dit is immers nooit vleierend nie en is eintlik 'n gespot.

Dit is 'n onbegonne taak om volledig te beskryf waaroor mense lag. Daar is wel verskillende goed waaroor mense lag en dit is baie uiteenlopend van aard (kyk Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 7). Daar is reeds opgemerk dat humor fisiese misvormdhede as tema kan gebruik. Dié soort humor toon 'n wispelturigheid, omdat humor emosies beïnvloed en nie almal is geneë met 'n bespotting oor fisiese gebreke nie. Dié humor het immers steeds 'n dwingende krag wat nie maklik weerstaan kan word nie.

Ironie is vloeiend van aard in die taal, terwyl 'n bytende geskerts eerder skerpsinnig en bondig is (Cicero, *De Oratore*, 2, 218).⁴ Humor in die redenaar se taal moet immers soos sout oor kos wees. Dit behoort smaak te verleen aan die toespraak wat die hoorders gretig maak om te luister (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 19).

4.7.3.5 Klassifikasie van humor

Vir hierdie deel van die bespreking word daar hoofsaaklik by Quintilianus aansluiting gevind, omdat sy werk juis 'n produk van die eerste-eeuse samelewings is (kyk hoofstuk 1, §3). Die eerste soort humor wat aangestip kan word, word *urbanitas* genoem. Dit blyk uit die taalgebruik van die redenaar en kan ook as 'n praatstyl bestempel word. Dit kan soos volg beskryf word: Die redenaar se woorde, aksent en idioom, het blyke van die stadslewe daarin, en verder toon dit 'n mate van geleerdheid, kortom dit is die teenoorgestelde van landelike eenvoud (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 17). Die taal wat vir humor gebruik word, toon ook 'n mate van gepoleerdheid en dit is elegant en innemend (Demetrius, *Περὶ Ἑρμηνείας*, 128).

Die volgende soort word *venustas* genoem. Dit is 'n soort wat liefvalligheid vertoon. Die derde soort wat aangestip word, is *salsura*. Dit word hoofsaaklik aangewend om belaglikhede uit te spreek (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 18). Quintilianus verstrek ongelukkig nie 'n uitgebreider verduideliking van dié twee soorte nie.

⁴ 'n Bytende geskerts kan as sarkasme verstaan word.

Die volgende twee soorte is die *locus* en *dicacitas*. *Locus* is 'n soort humor wat die teenoor- gestelde van ernstigheid is, want om bang te maak of te belowe is soms ook grappig. Dit kan miskien ook iets wees soos om binne perke in enige situasie grappig te wees. *Dicacitas* is die soort - weereens eerder 'n styl - wat in geestige aanvalle aangewend word (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 21).

In §4.7.3.3 is gemeld dat dubbelsinnighede ten opsigte van die soort humor wat seksuele ondertone vertoon nie gepas is nie. Daar is egter dubbelsinnighede wat baie bruikbaar is vir die redenaar (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 49). Dit is die soort wat in response gebruik word, maar dit is skaars. Hieronder word verstaan woorde wat met opset dubbelsinnig gebruik word asook die gebruik van 'n heeltemaal teenoorgestelde betekenis van 'n woord.

Daar is humor wat afhanklik is van onverwagse uitdrukkings. 'n Onverwagse uitdrukking kom dikwels in 'n woordspeling voor. Dit is egter in die meeste gevalle moeilik om hierdie soort humor effektief van een taal na 'n ander oor te dra. In aansluiting by dié soort humor kan ook die letterlike verstaan van woorde of sinne genoem word. Daarmee word bedoel dat die hoorder die sin of woord teen die spreker se bedoeling in letterlik verstaan.

Die redenaar kan ook van stylfigure gebruik maak om iets op 'n geestige manier te sê. Dit is in werklikheid nie soorte humor, soos die bogenoemdes nie, maar dit word deur Aristoteles, Cicero en Quintilianus onder die soorte vermeld. Die eerste stylfiguur wat aan die orde kom, is hiperbool. Die meeste grappe in die komedies maak van hiperbool gebruik en skets 'n situasie wat inderwaarheid 'n onmoontlikheid is (Demetrius, *Περὶ Ἑρμηνείας*, 161). Dit sluit aan by wat vroeër (§4.7.3.4) gesê is, naamlik dat hierdie soort geestigheid in werklikheid opsetlik vals is.

In sy *Τεχνῆς Ῥητορικῆς* (3, 18, 7) verwys Aristotels na die verskillende soorte geestighede wat hy in die *Περὶ Ποιητικῆς* aangestip het. Die soort wat immers die beste pas by 'n gesofistikeerde persoon is ironie. Cicero (*De Oratore*, 2, 218) aan die ander kant, meen dat daar twee soorte is, naamlik ironie en bytende geskerts. Sowel ironie as metafore kan gebruik word om humor te bewerkstellig (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 68). Betreffende ironie het Aristoteles ook 'n waarskuwing te rig. Die redenaar behoort sorg aan die dag te lê wanneer hy ironie gebruik, want dit kan soms krenkend wees (*Τεχνῆς Ῥητορικῆς*, 2, 2, 24-25). In 'n beskrywing wat Cicero (*De Oratore*, 2, 262) gee van 'n situasie waar ironie 'n gelag by die hoorders veroorsaak het, is dit opmerklik dat elke ironiese uitdrukking wat gebruik word in 'n respons voorkom en vloeiend in die gesprek inpas.

Aristoteles stel dat metafore nie altyd in 'n toespraak gepas is nie, ofskoon sommiges

tot lagwekkend kan wees. Die rede wat hy aanvoer, is tweërlei van aard: Die komediedigters maak daarvan gebruik en 'n redenaar moet homself juis van narre en akteurs onderskei, en metafore het inherent iets tragies daaraan (Aristoteles, Τεχνικὴ Ῥητορικὴς, 3, 3, 4).

Allegorie en emfatiese styl kan ook gebruik word om iets op 'n humoristiese wyse te sê (Quintilianus, *De Institutione Oratoria*, 6, 3, 69). Deur middel van allegorie kan 'n waarskuwing effektiewer gekommunikeer word as wanneer dit prontuit gestel word (Demetrius, Περὶ Ἑρμηνείας, 243). Indien 'n redenaar humor deur middel van stylfigure kan kommunikeer, toon dit 'n groot mate van verfyndheid en bemeestering van sy taal.

Dit is duidelik dat die redenaar 'n wye verskeidenheid soorte humor tot sy beskikking gehad het. Na aanleiding van die teorie oor humor blyk dit dat humor geredelik in die toesprake van die antieke redenaars voorgekom het. Daar is ook op die feit gewys dat humor 'n deel uitmaak van die wye spektrum emosies wat by *pathos* ingesluit is.

4.8 Die plek van antieke retoriek in die voorgestelde metode

Die antieke retoriek word in die voorgestelde metode gebruik om die volgende sake te bepaal: eerstens die behoefte of vraag waarop die argumentvoering 'n antwoord is; tweedens die onderliggende waardes van die implisiete leser; en derdens die oortuigingsmiddele wat in die teks aangewend word. Die inligting wat uit hierdie ondersoek verkry word, help met die bepaling van die kommunikatiewe funksie van 'n gedeelte van 'n teks.

5. Die voorgestelde metode

Om die kommunikatiewe funksie van humor te bepaal, word van die besproekte tersaaklike insigte vanuit die antieke epistolografie, die moderne pragmatiek en die antieke retoriek gebruik gemaak. Met die epistolografiese ontleding van die brief word bepaal of die geïdentifiseerde humor op die geskikste plek in die brief voorkom. Met behulp van die pragmatiek word die gespreksituasie ontleed; die samewerkingsbeginsels van Grice word daarop toegepas en die gespreksimplikasies word bepaal. Hierdie gespreksimplikasies is 'n tree op weg na die bepaling van die kommunikatiewe funksie van die humor. Met behulp van die antieke retoriek word die retoriese situasie aan die hand van *status*, tegniese oortuigingsmiddele en tipiese *topoi* ontleed. Hierdie ontleding maak die kommunikatiewe funksie van die geïdentifiseerde humor ook eksplisiet. Die spesifieke aard van die humor word beskryf vanuit moderne en antieke teorieë oor humor.

Die teorie wat in hierdie hoofstuk behandel is, word in die volgende hoofstuk op Galasiërs 5:7-15 toegepas.

HOOFSTUK 4

DIE BEPALING VAN DIE KOMMUNIKATIEWE

FUNKSIE VAN HUMOR IN GALASIËRS 5:7-15

1. Inleiding

In hoofstuk twee is aangetoon dat die bestaande metodes vir die bepaling van die kommunikatiewe funksie van humor in die Nuwe Testament onbevredigend is. Daarom is 'n ander metode nodig, veral op grond van Jónsson (1965) se stelling dat humor as 'n retoriese handeling beskou moet word.

In hoofstuk drie is die voorgestelde metode vir die bepaling van die kommunikatiewe funksie van humor uiteengesit. In hierdie metode word gebruik gemaak van tersaaklike insigte uit die antieke epistolografie, die pragmatiek en die antieke retoriek.

Teen die agtergrond van die teorie soos in hoofstuk drie uiteengesit, word die standpunt gehuldig dat die funksie wat deur middel van die pragmatiek bepaal kan word, ooreenstem met die funksie wat deur die retoriek bepaal kan word. Op grond hiervan kan 'n geldige afleiding gemaak word dat Galasiërs 5:12 en 15 wel sarkasme as 'n soort humor bevat.

In hoofstuk vier word die volgende gedoen:

- Die epistolêre vorm van Galasiërs word ontleed.
- Die gespreksituasie van Galasiërs 5:7-15 word aan die hand van die deiktiese elemente ontleed.
- Die samewerkingsbeginsels word op hierdie deiktiese elemente toegepas.
- Die retoriese situasie van Galasiërs 5:7-15 word ontleed.
- Die kommunikatiewe funksie van die geïdentifiseerde humor word bepaal.

2. Die epistolêre vorm van Galasiërs

Betz (1979:16-23) verstrek in sy kommentaar op Galasiërs 'n indeling van die brief. Hy vermeng egter epistolografiese en retoriese terminologie. Hy benoem Galasiërs 1:1-5 en Galasiërs 6:11-18 met epistolografiese terme, en die res (Galasiërs 1:6 - 6:10) verdeel hy in retoriese dele.

White (1972) verdeel slegs die briefliggaam van Galasiërs epistolografies. Hy verstrek egter belangrike data in verband met oorgangsfrases wat kan help met die identifisering van die epistolêre vorm van Galasiërs.

Die verskillende briefdele in Galasiërs word vervolgens geïdentifiseer en bespreek.

2.1 Briefopening

Galasiërs 1:1-5 is 'n tipiese briefopening (kyk hoofstuk 3, §2.2).

1 Παῦλος ἀπόστολος οὐκ ἀπ' ἀνθρώπων οὐδὲ δι' ἀνθρώπου ἀλλὰ διὰ Ἰησοῦ Χριστοῦ καὶ θεοῦ πατρὸς τοῦ ἐγείραντος αὐτὸν ἐκ νεκρῶν, 2 καὶ οἱ σὺν ἐμοὶ πάντες ἀδελφοί ταῖς ἐκκλησίαις τῆς Γαλατίας, 3 χάρις ὑμῖν καὶ εἰρήνη ἀπὸ θεοῦ πατρὸς ἡμῶν καὶ κυρίου Ἰησοῦ Χριστοῦ 4 τοῦ δόντος ἑαυτὸν ὑπὲρ τῶν ἁμαρτιῶν ἡμῶν, ὅπως ἐξέλῃται ἡμᾶς ἐκ τοῦ αἰῶνος τοῦ ἐνεστώτος πονηροῦ κατὰ τὸ θέλημα τοῦ θεοῦ καὶ πατρὸς ἡμῶν, 5 ᾧ ἡ δόξα εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων, ἀμήν.

1 Paulus 'n apostel, nie vanweë mense nie en ook nie deur 'n mens nie, maar deur Jesus Christus en God die Vader wat Hom uit die dood opgewek het, 2 en al die broers saam met my, aan die gemeentes van Galasië. 3 Genade vir julle en vrede van God ons Vader en van die Here Jesus Christus, 4 Hy wat Homself ter wille van ons sondes gegee het, so dat Hy ons uit die huidige bose wêreld kan uitred ooreenkomstig die wil van God, ons Vader, 5 aan Wie die heerlikheid tot in alle ewigheid toekom. Amen.

Die outeur(s), naamlik Paulus en die broers saam met hom, stel hulleself bekend (vergelyk Galasiërs 1:1-2a). In Galasiërs 1:2b word die leser(s), naamlik die gemeentes van Galasië, genoem. In Galasiërs 1:3-5 volg die groete van die outeur(s) aan die leser(s).

2.2 Briefliggaam

Die liggaam van die Galasiërbrief kan verder in die briefliggaam-opening, die briefliggaam-middel en die briefliggaam-slot verdeel word (White, 1972:1).

2.2.1 Briefliggaam-opening

Galasiërs 1:6-10 is 'n tipiese briefliggaam-opening (kyk hoofstuk 3, §2.3). Die briefliggaam-opening word deur 'n uitdrukking van verbasing in Galasiërs 1:6 ingelei (White, 1972:49):

Θαυμάζω ὅτι οὕτως ταχέως μετατίθεσθε ἀπὸ τοῦ καλέσαντος ὑμᾶς ἐν χάριτι {Χριστοῦ} εἰς ἕτερον εὐαγγέλιον, ...

Ek is verbaas dat julle so gou van Hom wat julle deur die genade van Christus geroep het na 'n ander evangelie toe afvallig geword het, ...

'n Inskiklikheidstelling soos dié een in Galasiërs 1:9 is 'n tipiese frase in 'n brieflig-

gaam-opening (White, 1972:49):

ὥς προεῖρήκαμεν καὶ ἄρτι πάλιν λέγω, εἴ
τις ὑμᾶς εὐαγγελίζεται παρ' ὃ παρελάβετε,
ἀνάθεμα ἔστω.

*Soos ons voorheen gesê het en ek sê dit nou weer,
as iemand 'n ander evangelie aan julle verkondig
wat in stryd is met die een wat julle ontvang het,
laat hy 'n vervloeking wees.*

In hierdie twee verse word die vorige kommunikasie herroep (vergelyk vers 9a) en die belangrikste saak rakende gemeenskaplike belang kom aan die orde (verse 6 en 9), naamlik dat daar net een evangelie is.

2.2.2 Briefliggaam-middel

In Galasiërs 1:11 word die woord γνωρίζω aangetref, wat 'n aanduiding is van die inleiding van die briefliggaam-middel (kyk hoofstuk 3, §2.3):

Γνωρίζω δὲ ὑμῖν, ἀδελφοί, τὸ εὐαγγέλιον
τὸ εὐαγγελισθὲν ὑπ' ἐμοῦ ὅτι οὐκ ἔστιν
κατὰ ἀνθρώπου.

*Broers, ek maak aan julle bekend dat die evangelie
wat deur my verkondig is, nie van 'n mens afkomstig
is nie.*

Van hier af word die boodskap verder gevoer deur die ontwikkeling van die relevante detail wat in die briefliggaam-opening aangaande die evangelie genoem is. In Galasiërs 2:3 word 'n nuwe saak genoem, naamlik die besnydenis, wat verband hou met die eerste saak. Die twee sake ontwikkel verder in die argument van die briefliggaam-middel. Die briefliggaam-middel strek vanaf Galasiërs 1:11 - 5:1.

2.2.3 Briefliggaam-slot

Galasiërs 5:2-26 word as die briefliggaam-slot geïdentifiseer. In 5 vers 2 word die motivering vir die skryf van die brief gegee, ingelei met die frase "Ἰδε ἐγὼ Παῦλος λέγω ὑμῖν ὅτι - Kyk, ek, Paulus, sê vir julle: (White, 1972:63). Hier word die sake wat in die briefliggaam-middel aan die orde was, naamlik die besnydenis en die evangelie oor die nakoming van die wet, herhaal (vergelyk Galasiërs 5:2-12) en teenoor die verkondigde evangelie gestel (vergelyk Galasiërs 5:13-26). Daar is egter nie 'n apostoliese *parousia* in die konkluderende gedeelte van die briefliggaam-slot nie.

2.3 Vermaning (Paraenesis)

In dié deel van 'n brief word finale vermanings en aanmoedigings aan die leser(s) gegee. In Galasiërs 6:1-13 kom hierdie finale vermanings en aanmoedigings voor.

2.4 Briefslot

Die groete, doksologie en seën kom in Galasiërs 6:14-18 voor (White, 1972:45). Hierdie gedeelte word as die briefslot geïdentifiseer:

14 ἔμοι δὲ μὴ γένοιτο καυχᾶσθαι εἰ μὴ ἐν τῷ σταυρῷ τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ, δι' οὗ ἔμοι κόσμος ἐσταύρωται καὶ γὰρ κόσμῳ. 15 οὔτε γὰρ περιτομὴ τί ἐστὶν οὔτε ἀκροβυστία ἀλλὰ καινὴ κτίσις. 16 καὶ ὅσοι τῷ κανόνι τούτῳ στοιχήσουσιν, εἰρήνη ἐπ' αὐτοὺς καὶ ἔλεος καὶ ἐπὶ τὸν Ἰσραὴλ τοῦ θεοῦ. 17 Τοῦ λοιποῦ κόπους μοι μηδεὶς παρεχέτω· ἐγὼ γὰρ τὰ στίγματα τοῦ Ἰησοῦ ἐν τῷ σώματί μου βαστάζω. 18 Ἡ χάρις τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ μετὰ τοῦ πνεύματος ὑμῶν, ἀδελφοί· ἀμήν.

14 Mag dit tog nooit met my gebeur dat ek roem nie, behalwe in die kruis van ons Here Jesus Christus, deur Wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld. 15 Trouens, nóg die besnedenheid nóg die onbesnedenheid is iets besonders, maar die nuwe skepping is iets besonders. 16 En hulle wat met hierdie beginsel lewe, naamlik vir die Israel van God, vrede vir hulle en barmhartigheid. 17 Laat niemand verder vir my moeite aandoen nie, want ek dra die littekens van Jesus aan my liggaam. 18 Die genade van ons Here Jesus Christus is met julle gees, broers. Amen.

In Galasiërs 6:14-15 en 17 word die doksologie aangetref en in Galasiërs 6:16 en 18 die seën. Daar is geen eksplisiete groet van die outeur(s) in die briefslot nie.

Die epistolêre vorm van Galasiërs is hiermee in breë trekke voorgestel. Die geïdentifiseerde humor kan nou epistolografies gelokaliseer word. Die resultate van hierdie epistolêre ontleding kom later weer aan die orde, naamlik wanneer die tersaaklike insigte vanuit die antieke retoriek op Galasiërs 5:7-15 toegepas word (kyk §6).

2.5 Gevolgtrekking

Die perikoop Galasiërs 5:7-15 waarin die geïdentifiseerde humor voorkom, vorm deel van die briefliggaam-slot:

7 Ἐτρέχετε καλῶς· τίς ὑμᾶς ἐνέκοψεν τῇ ἀληθείᾳ μὴ πείθεσθαι; 8 ἡ πεισμονὴ οὐκ ἐκ τοῦ καλοῦντος ὑμᾶς. 9 μικρὰ ζύμη ὅλον τὸ φύραμα ζυμοῖ. 10 ἐγὼ πέποιθα εἰς ὑμᾶς ἐν κυρίῳ ὅτι οὐδὲν ἄλλο φρονήσετε· ὁ δὲ ταράσσων ὑμᾶς βαστάσει τὸ κρίμα, ὅστις ἐὰν ᾖ. 11 ἐγὼ δέ, ἀδελφοί, εἰ περιτομὴν ἔτι κηρύσσω, τί ἔτι διώκομαι; ὅρα κατήργηται τὸ σκάνδαλον τοῦ σταυροῦ. 12 ὁφείλον καὶ ἀποκόψονται οἱ ἀναστατοῦντες ὑμᾶς.

13 Ὑμεῖς γὰρ ἐπ' ἐλευθερίᾳ ἐκλήθητε, ἀδελφοί· μόνον μὴ τὴν ἐλευθερίαν εἰς ἀφορμὴν τῆς σαρκί, ἀλλὰ διὰ τῆς ἀγάπης δου-

7 Julle was mooi op pad. Wie het julle verhinder om aan die waarheid gehoorsaam te wees? 8 Die oortuiging is nie van Hom wat julle geroep het nie. 9 'n Bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur. 10 Ek is oortuig van julle in die Here dat julle nie anders sal dink nie. Maar hy wat julle verwar, sal die oordeel dra, wie hy ook al mag wees. 11 Maar ek, broers, as ek nog die besnydenis verkondig, hoekom word ek steeds vervolgt? Dan is die kruis as struikelblok mos vernietig. 12 Mag diegene wat julle in verwarring bring, hulleself sommer ontnam ook.

13 Trouens, julle is tot vryheid geroep, broers. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar in liefde moet julle mekaar

λεύετε ἀλλήλοις. 14 ὁ γὰρ πᾶς νόμος ἐν
ἐνὶ λόγῳ πεπλήρωται, ἐν τῷ Ἀγαπήσεις
τὸν πλησίον σου ὡς σεαυτὸν. 15 εἰ δὲ ἄλ-
λήλους δάκνετε καὶ κατεσθίετε, βλέπετε
μὴ ὑπ' ἀλλήλων ἀναλωθῆτε.

*dien. 14 Die hele wet word immers in een woord
vervul, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jou-
self. 15 Aangesien julle mekaar byt en verskeur, pas
op dat julle nie heeltemal deur mekaar verslind word
nie.*

Vervolgens word die tersaaklike insigte vanuit die moderne pragmatiek op Galasiërs 5:7-15 toegepas. Daar word begin met die ontleding van die gespreksituasie.

3. 'n Ontleding van die gespreksituasie van Galasiërs 5:7-15

Kenmerkend van briewe is die kommunikatiewe funksie wat dit vervul (kyk hoofstuk 3, §3.1). Om die kommunikatiewe funksie van Galasiërs 5:12 en 15 te bepaal, is dit nodig om die onderskeie aspekte van die gespreksituasie van Galasiërs 5:7-15 te ontleed.

3.1 Die identifisering en ontleding van die deiktiese elemente in Galasiërs 5:7-15

3.1.1. Die aspek van die persoon

Buiten die twee persone wat gewoonlik in 'n brief figureer, naamlik die outeur en die leser, is daar in hierdie gedeelte ook 'n derde party wat pertinent genoem word. Daarom word die deiktiese elemente van die derde party ook ontleed.

3.1.1.1 Die outeur

In die perikoop is daar slegs twee verwysings na die outeur. In vers 10a laat die outeur blyk dat hy die lesers vertrou. Hierdie vertroue behels dat hulle nie anders as hy sal dink oor die oorsprong van die verwarring nie. Die tweede verwysing na die outeur is in vers 11a: hy stel dit op 'n indirekte wyse dat hy nie meer die besnydenis verkondig nie.

3.1.1.2 Die lesers

Uit die voorafgaande gedeelte van die brief blyk dit dat nie al die lesers toegegee het aan die verwarring wat van die derde party kom nie (Galasiërs 5:2). Voordat die derde party die verwarring omtrent die besnydenis aan hulle verkondig het, was hulle op die regte pad, soos dit in vers 7 blyk. Daarom kan daar afgelei word dat, as hulle hulle nog nie laat besny het nie, die outeur hulle nog as regdenkend beskou en juis sy vertroue daarop vestig (vers 10). Daar is wel sommige lesers wat meen dat Paulus steeds die besnydenis verkondig (vers 11).

In vers 13 word die lesers daarop attent gemaak dat hulle vry is. Die vryheid bring mee dat hulle aan mekaar diensbaar behoort te wees ooreenkomstig die liefdesgebod, soos in vers 14 genoem. In vers 15 blyk dit dat daar 'n getwis onder die lesers is, omdat die liefde nie werklik tot vergestaltung onder hulle kom nie.

3.1.1.3 Die derde party

In verse 7-12 word daar op indirekte en direkte wyse van die derde party melding gemaak. In vers 7 word dit duidelik dat die derde party die lesers verhinder het om aan die waarheid getrou te bly. Die outeur maak dit duidelik dat die derde party nie deur God gestuur is nie (vers 8). In vers 9 word daar na die derde party verwys as 'n bietjie suurdeeg wat die hele deeg suur maak. In die spreekwoordelike sin bederf hulle dus die lesers. Die derde party wat die verwarring onder die lesers veroorsaak, gaan veroordeel word (vers 10). Wanneer vers 10 en 12 met mekaar in verband gebring word, blyk dit dat daar in vers 12 'n oordeelsversugting deur die outeur oor die derde party uitgespreek word.

3.1.2 Die aspek van tyd en ruimte

In Galasiërs 5:7-15 is daar geen deiktiese elemente van tyd of ruimte nie.

3.1.3 Die aspek van gedeelde kennis

Die outeur weet dat die lesers daarvan bewus is dat hulle wel voor die toetrede van die derde party op die regte koers was (vers 7). Hierdie regte koers behels gehoorsaamheid aan die evangelie wat die outeur aan hulle verkondig het. Uit die wyse waarop die outeur die vraag van vers 7 in vers 8 en 9 beantwoord, blyk dit dat die kennis oor die derde party ook gedeelde kennis is. Deurdat die outeur 'n spreekwoord gebruik (vers 9), is dit duidelik dat die lesers goed bekend is met die spreekwoord. Daarom word daar geen verdere verduideliking van die spreekwoord deur die outeur gegee nie. Onder die lesers bestaan daar ook die kennis omtrent die vervolging wat Paulus verduur. Hulle het verneem van gerugte dat Paulus steeds die besnydenis verkondig (vers 11a). Die feit dat Paulus ook van sy vervolging melding maak, bewys egter die teendeel, want as hy die besnydenis verkondig het, het die kruis as struikelblok verdwyn. Sowel die outeur as die lesers weet wat die verwarring behels, naamlik dat geleer word dat die geloof alleen nie voldoende vir die verlossing is nie; die geloof moet met die besnydenis aangevul word. Hulle is ook bewus van hoe die besnydenis uitgevoer word (vers 12).

In vers 13 blyk dit dat sowel die outeur as die lesers weet dat die lesers vry is. Verder

weet hulle dat die vryheid hulle noop om mekaar in liefde te dien. Hulle ken immers die liefdesgebod wat aan hulle bekend is uit die Septuagint (vers 14).¹ In vers 15 blyk dit dat hulle, naamlik die outeur en die lesers, die kennis omtrent die getwis onder die lesers ook deel.

3.2 Gevolgtrekking

Met die identifisering en ontleding van die onderskeie deiktiese elemente is die outeur, die lesers en die derde party gekenskets. Betreffende die aspekte van tyd en ruimte is daar geen deiktiese elemente aangetref nie. Daar is egter 'n groot hoeveelheid gedeelde kennis wat vir die verstaan van moontlike indirekte taalhandelinge van groot belang is. Vervolgens kan die samewerkingsbeginsels van Grice (1975) op die bespreekte aspekte van die gespreksituasie toegepas word.

4. Die samewerkingsbeginsels toegepas op die onderskeie aspekte van die gespreksituasie

In hoofstuk 3 (§3.3) is daar opgemerk dat die samewerkingsbeginsels uit die kategorieë kwantiteit, kwaliteit, relasie en wyse bestaan. Die data wat uit die ontleding van die gespreksituasie verkry is, word vervolgens met behulp van hierdie kategorieë verder ontleed.

4.1 Die samewerkingsbeginsels toegepas op die aspek van persone

Met die toepassing van die samewerkingsbeginsels op die aspek van die persone is dit moontlik om die mate van oortreding van die bogenoemde kategorieë te bepaal.

4.1.1 Kwantiteit

Met behulp van die kategorie van kwantiteit word bepaal of die outeur die nodige hoeveelheid inligting gegee het wat op die spesifieke stadium van die gesprek nodig is (hoofstuk 3, §3.3.2).

4.1.1.1 Die outeur

Die inligting wat die outeur van homself in vers 10a laat blyk, toon geen oortreding van

¹ Die bekendheid met die Septuagint blyk uit die talle aanhalings uit die Griekse Ou Testament in die brief.

hierdie kategorie nie. Die inligting in vers 11a blyk egter te min te wees, want hy maak slegs van 'n vraag gebruik om aan te toon dat hy nie meer die besnydenis verkondig nie. Die lesers moes uit die wyse waarop hy die vraag stel, aflei dat die besnydenis nie deel van sy verkondiging is nie en dat die gerugte inderdaad vals is. Met behulp van die stelling in vers 11b bewys hy dit ook. Die inligting wat die outeur oor homself gee, is in werklikheid min in vergelyking met dit wat hy oor die lesers en die derde party verstrek. In §5.5 sal die rede vir hierdie oortreding bespreek word.

4.1.1.2 Die lesers

Vir die verstaan van Galasiërs 5:7-14 het die outeur genoeg inligting oor die lesers verskaf. Uit vers 15 moet egter afgelei word dat daar 'n getwis onder die lesers was. Op die oog af lyk dit of die kategorie van kwantiteit ten opsigte van die lesers oortree word, omdat daar skynbaar te min inligting gegee word. By die ontleding van die aspek van gedeelde kennis het dit egter duidelik geword dat die getwis inderdaad gedeelde kennis is. Daarom is dit nie werklik 'n oortreding van dié kategorie nie.

4.1.1.3 Die derde party

Hoewel die derde party nêrens by name genoem word nie, is die inligting wat oor hulle gegee word voldoende. Hulle is nie soos die outeur deur God na die lesers gestuur nie (vers 7b en 8). Daarom en vanweë die verwarring wat hulle veroorsaak, gaan hulle veroordeel word (vers 10b). Daar vind dus geen oortreding van die kategorie van kwantiteit hier plaas nie.

4.1.2 Kwaliteit

Om die kategorie van kwaliteit nie te oortree nie, moet die inligting waar wees (hoofstuk 3, §3.3.3).

4.1.2.1 Die outeur

Uit die teks is dit nie moontlik om te bepaal of die gegewens wat die outeur van homself in verse 10 en 11 gee, vals is of nie. Die moontlike oortreding van hierdie kategorie word weer na die bepaling van die kommunikatiewe funksie bespreek (kyk §5.5).

4.1.2.2 Die lesers

Die outeur meen dat die lesers oor die korrekte kennis in verband met die oorsprong van die verwarring beskik (vers 10). Die handhawing of oortreding van die kategorie

van kwaliteit word weer in §5.5 opgeneem.

4.1.2.3 Die derde party

Indien die strafversugting wat die outeur in vers 12 oor die derde party uitspreek letterlik opgeneem word, is dit moontlik dat die kategorie van kwaliteit oortree is. In §5.5 word hierdie saak weer opgeneem.

4.1.3 Relasie

By hierdie kategorie word bepaal of die inligting wat deur die geënkodeerde outeur gegee word, vir die gesprek relevant is (hoofstuk 3, §3.3.4).

4.1.3.1 Die outeur

Daar is nie genoegsame voorbereiding vir die vraag en stelling in vers 11 nie (vergelyk Betz, 1979:268). Paulus verduidelik dit ook nêrens verder nie. Na aanleiding van Betz se opmerking kan vers 11 as 'n tussenwerpsel beskou word. Dit volg ook nie heeltemal logies in die argument van Galasiërs 5:7-12 nie. Daarom lyk vers 11 irrelevant tot die hele gesprek. Hierdie oortreding word weer later opgeneem (kyk §5.5).

4.1.3.2 Die lesers

Die opmerking van die outeur in vers 10 omtrent die korrekte kennis van die lesers lyk op die oog af irrelevant. Dit is moontlik dat hulle nie anders oor die oorsprong van die verwarring (vers 8), of oor die feit dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak (vers 9), sou dink nie.

Indien die waarskuwing wat die outeur in vers 15 aan die lesers gee, nie na 'n getwis onder hulle verwys nie, wil dit voorkom of vers 15 geheel en al irrelevant is. Daar word egter nie vroeër van 'n getwis melding gemaak nie en ook nie verder na 'n getwis verwys nie. In die voorafgaande argumente was die getwis egter nie ter sake nie, en die outeur stel dit nou eers aan die orde. Uit die bepaling van die *status* van die humor behoort die relevansie van die uiting oor die twis duideliker te blyk (kyk §5.2).

4.1.3.3 Die derde party

Die strafversugting wat die outeur in vers 12 oor die derde party uitspreek, blyk irrelevant te wees. Daar is nie 'n vloeiende gang van inligting nie, want nadat Paulus gesê het dat die oordeel die een wat verwarring saai, gaan tref, voeg hy eers die inligting omtrent sy vervolging (vers 11) in en daarna volg vers 12 skielik. Op die oog af is vers

11 irrelevant, maar die relevansie daarvan blyk wanneer dit in verband gebring word met die laaste sin in vers 10.

Vers 12 lyk ook irrelevant, wanneer daar in ag geneem word dat diegene wat die besnydenis verkondig, weet wat die praktyk van die besnydenis inhoud. In §5.5.4 word daar na hierdie stelling teruggekeer.

4.1.4 Wyse

By hierdie kategorie gaan dit daaroor of 'n uiting duidelik is (hoofstuk 3, §3.3.5).

4.1.4.1 Die outeur

Van die twee verwysings, naamlik verse 10 en 11, waarin die outeur oor homself inligting verskaf, lyk dit of vers 11 die enigste een is waar daar 'n oortreding van die kategorie van wyse is. Aangesien die inligting in verband met sy vervolging na 'n tussenwep-sel lyk, word die vierde stelreël, naamlik dat ordelikheid gehandhaaf behoort te word, van hierdie kategorie oortree.

4.1.4.2 Die lesers

Die waarskuwing van die outeur in vers 15 is in 'n sekere mate obskuur. Daarom lyk dit na 'n oortreding van die eerste stelreël van hierdie kategorie, naamlik die vermyding van obskure uitdrukkings. Indien die getwis waarna vers 15 verwys nie gedeelde kennis is nie, sou die waarskuwing vir die lesers net so obskuur as vir die moderne lesers van Galasiërs gewees het. Dit sou meebring dat die outeur nie effektief kommunikeer nie. Daarom is daar nie 'n oortreding van hierdie kategorie nie.

4.1.4.3 Die derde party

Die straf wat die outeur in vers 12 vir die derde party toewens, lyk met die eerste oogopslag obskuur. Hoewel die stelling nie meerduidelig is nie, bly die bedoeling van die outeur tog onduidelik, wanneer 'n mens dit letterlik probeer verstaan. Die outeur kan tog sekerlik nie werklik wil hê dat só 'n ongeluk met die derde party gebeur nie, want dit is in stryd met die liefdesgebod wat hyself onderskryf. Daarom kan die stelling ook as 'n oortreding van die kategorie van wyse bestempel word.

4.2 Die samewerkingsbeginsels toegepas op die aspek van gedeelde kennis

Die toepassing van die samewerkingsbeginsels op die aspek van gedeelde kennis word eers gedoen nadat die kommunikatiewe funksie van verse 12 en 15 bepaal is, aangesien

die vrae oor die oortreding van die kategorieë by hierdie aspek eers dan na behore beantwoord kan word (kyk §5.5).

4.5 Gevolgtrekking

Uit die ontleding van die onderskeie aspekte van die gespreksituasie het dit aan die lig gekom dat verskeie kategorieë ten opsigte van die persone deur die outeur oortree is:

Kwantiteit

- * Die outeur maak in die gedeelte min inligting oor homself bekend en die inligting in vers 11a is indirek.

Kwaliteit

- * In §5.5 word daar weer na die moontlike oortreding van hierdie kategorie teruggekeer.

Relasie

- * Die vraag ten opsigte van die outeur en die stelling in verband met die kruis as struikelblok in vers 11 blyk irrelevant te wees.
- * Die vraag oor die korrekte kennis van die lesers blyk nie dadelik relevant in die gedeelte nie (vers 10).
- * Indien die straf wat die derde party toegewens word (vers 12) nie in verband met vers 10b verstaan word nie, lyk vers 12 irrelevant tot die hele gesprek.

Wyse

- * Die tussenwerpsel in vers 11 oor die vervolging wat die outeur ly, is onordelik in die argument ingevoeg.
- * Die strafversugting wat oor die derde party uitgespreek word, blyk absurd te wees (vers 12).

Wat die toepassing van Grice se samewerkingbeginsels op die aspek van gedeelde kennis betref, het dit duidelik geword dat die vrae eers na behore beantwoord kan word wanneer die retoriese situasie van Galasiërs 5:7-15 ontleed is (kyk §5.5).

Dit blyk dat by verse 12 en 15 die kategorieë van kwaliteit, relasie en wyse oortree word. Op grond van hierdie bevinding en na aanleiding van Van Jaarsveld (1987:198-

199) en Levinson (1983:147-165) se opmerkings (kyk hoofstuk 3, §3.5) kan verse 12 en 15 as indirekte taalhandelinge, en meer spesifiek as nie-letterlike taalhandelinge beskou word. Hierdie saak word weer, nadat die kommunikatiewe funksie van verse 12 en 15 bepaal is, opgeneem (kyk §7).

Die outeur van Galasiërs moes inderdaad sy argument beplan het om effektief te kan kommunikeer. Deur vas te stel hoe die outeur sy argument in Galasiërs 5:7-15 beplan het, is dit moontlik om te bepaal waarom hy in sekere opsigte van die samewerkingsbeginsels afgewyk het. Daarom word die retoriese situasie van Galasiërs 5:7-15 vervolgens ontleed.

5. 'n Ontleding van die retoriese situasie van Galasiërs 5:7-15

5.1 Inleiding

Die bepaling van die kommunikatiewe funksie van die humor in Galasiërs 5:7-15 is terselfdertyd 'n bepaling van die *status* van die retoriese situasie. Omdat die *status* van die retoriese situasie nie eksplisiet in Galasiërs genoem word nie, is dit nodig om uit die woorde wat gebruik word en die trant van die hele brief die *causa* waarop die *status* 'n respons is, te bepaal. Die *causa* van die brief aan die Galasiërs kan ook uit die epistolêre ontleding van die brief blyk (kyk hoofstuk 3, §4.2)

Wanneer die *status* van die retoriese situasie bekend is, behoort die oortreding van die onderskeie kategorieë geïnterpreteer te kan word.

5.2 Die bepaling van die *status* van die humor in Galasiërs 5:7-15

5.2.1 Die tema van Galasiërs as agtergrond vir die bepaling van die *status* van die humor

Die tema van die brief word uit die woordkeuse van die outeur duidelik. Die tema behels dat Paulus ongelukkig is oor die gang van sake onder die lesers. Soos dit uit Galasiërs 2:11 blyk, kan daar ook afgelei word dat Paulus meer as net ongelukkig is, hy is kwaad, omdat hulle afvallig geword en sommige van hulle hulle moontlik ook laat besny het.

Vanaf Galasiërs 3:1 spreek hy die lesers skerp aan. Na die berisping (Galasiërs 3:1-6) beredeneer hy die verskil tussen regverdigwording deur die wet en regverdigwording deur die geloof. Hy leer hulle hoe hulle vry gemaak is en stel dit teenoor die slawerny wat die wet van Moses oor hulle gaan bring (Galasiërs 3:7-4:31). In Galasiërs 5:1

maak die outeur 'n christologiese stelling wat as sleutel dien vir die verstaan van vryheid-slawerny antitese in die voorafgaande gedeelte (Malan, 1992:2). Hy spoor hulle aan om standvastig te bly in die vryheid en nie weer slawe van die wet te word nie.

In Galasiërs 5:2 begin hy diegene wat verwarring skep se argument afbreek. Eers sê hy aan die lesers watter gevolge die besnydenis meebring en bevestig weer dat daar geen nut in die besnydenis is nie. Op 'n gemoedeliker toon wil hy nou aantoon wat diegene wat verwarring skep gaan oorkom. Eers word die derde party met suurdeeg vergelyk. Soos die argument in Galasiërs 5:7-12 vorder raak hy al hoe heftiger. Skielik in vers 12 spreek hy 'n wens uit oor wat die derde party te beurt moet val.

Dit blyk dat die derde party nie alleen verwarring veroorsaak het nie, maar dat die verwarring moontlik 'n verdere gevolg gehad het, naamlik dat daar nou ook 'n twis onder die lesers ontstaan het (Greiðanus, 1936:325). Nadat Paulus die argument van die derde party vernietig het, neem hy weer die tema van vryheid en liefde op wat hy in Galasiërs 5:1 en 6 aangeraak het. Nou wil hy die lesers daarop wys watter swak voorbeeld hulle van Christelike liefde en vryheid vertoon. Daarom gebruik hy 'n metafoor om dit aan hulle te toon.

Uit die bespreking blyk dit dat Paulus eers kwaad is vir die lesers en hulle daarom skerp aanspreek. Soos die argument vorder begin hy hulle al hoe meer wys op die weg wat hulle behoort te volg en dat die pad van die derde party vir hulle net gevaar inhou. In Galasiërs 5:13-15 is hy nie meer kwaad nie, maar nog ongelukkig oor die onmin wat daar onder die lesers heers.

Teen hierdie agtergrond kan daar nou voortgegaan word met die ontleding van die retoriese situasie.

5.2.2 Die *causa* van die argument

By die ontleding van die epistolêre vorm van Galasiërs het dit duidelik geword dat die brief daaroor handel dat die lesers 'n ander evangelie aanhang (Galasiërs 1:6-10) wat radikaal verskil van die evangelie wat Paulus aan die hulle verkondig het. In die briefliggaam-middel (Galasiërs 2:3 en verder) word die saak waaroor die brief handel nog verder uitgestip en verduidelik. Dit word duidelik dat die ander evangelie wat die lesers wil voorstaan en sommige reeds aanhang, spesifiek handel oor die leer dat die geloof met die besnydenis aangevul moet word.

Met die ontleding van die epistolêre vorm van Galasiërs, het dit ook duidelik geword dat die saak waaroor die brief handel, weer in die briefliggaam-slot genoem is. Dit stem ooreen met die bekendstelling van die saak in die briefliggaam-opening en ont-

wikkeling daarvan in die brieffliggaam-middel. Dit is nog steeds die leer oor die besnydenis as hoofverskilpunt met die ware evangelie.

Die *causa* wat aanleiding gegee het tot die skryf van die brief kan soos volg geformuleer word: Nadat Paulus die evangelie van Christus as die gekruisigde aan die lesers verkondig het, het daar ander mense gekom wat 'n ander evangelie verkondig. Hierdie evangelie het van Paulus s'n verskil in dié opsig dat die standpunt gehuldig is dat die vryspraak van God nie bloot deur geloof in Christus verkry word nie, maar dat 'n persoon hom daarbenewens nog moet laat besny. Dit het 'n verwarring onder die lesers veroorsaak, in so 'n mate dat sommige van hulle hulle laat besny het, en dit is juis die rede vir die brief.

Noudat die *causa* van die argument bepaal is, moet die *status* bepaal word wat 'n respons op die *causa* is.

5.2.3 Die *status* van die humor in Galasiërs 5:7-15

Uit die ontleding van die gespreksituasie het dit geblyk dat 'n derde party in die gedeelte van verse 7-12 aan die orde kom. In dié gedeelte word hulle voorgestel as mense wat die lesers verwar het. Die outeur wys daarop dat die oortuiging om 'n ander evangelie aan te hang, nie van God kom nie (Galasiërs 5:8). Daarmee blyk dit dat die derde party nie gestuurdes is soos die outeur self is nie. Verder maak die outeur dit aan die lesers duidelik dat die derde party gestraf gaan word (Galasiërs 5:10). In vers 12 spreek die outeur 'n strafversugting oor die derde party uit.

By die bespreking van die aspek van gedeelde kennis is daar by vers 12 vermeld dat die outeur en die lesers die heersende verwarring ken, naamlik dat die besnydenis die vryspraak van God deur die geloof in Christus moet aanvul. Hulle is ook bekend met die praktyk van die besnydenis, aangesien sommige hulle moontlik reeds laat besny het. Die leer van die besnydenis as aanvulling van die geloof is aan hulle verkondig en hulle het uit die Septuagint daarvan kennis geneem.

Die vraag ontstaan nou om watter rede sou die outeur so 'n wrede "straf" vir die derde party toewens en dit aan die lesers bekend maak.

Met die ondersoek na die aspek van persone hierbo (§3.1.1) is daar opgemerk dat die lesers se aandag op hulle vryheid gevestig word (vers 13). Die vryheid wat hulle geniet, moet hulle daartoe dwing om ooreenkomstig die liefdesgebod aan mekaar diensbaar te wees (vers 14). Uit vers 15 blyk dit dat daar 'n getwis onder die lesers is, omdat die liefde moontlik nie werklik tot vergestaltung onder hulle kom nie.

Uit die ontleding van die gedeelde kennis het dit geblyk dat die lesers weet dat hulle vry is, en dat hulle die liefdesgebed ken. Hierdie getwis is ook aan sowel die outeur as die lesers bekend.

Hier ontstaan 'n verdere vraag: Om watter rede het die outeur 'n metafoor gebruik waarin daar van die lesers gepraat word in terme van wilde diere?

Aangesien die *status* van Galasiërs nie eksplisiet genoem word nie, is dit nodig om tussen die lyne te lees om dit te bepaal. Op grond hiervan blyk dit dat die *status* die volgende is:

- * Op watter manier kan die lesers oorreed word om nie verder die evangelie van die ander mense aan te hang nie?
- * Hoe kan die outeur die lesers oorreed sonder om hulle te verloor?
- * Op watter manier kan die lesers oorreed word om die een belangrike gebod oor die liefde na te kom?
- * Hoe kan die outeur die lesers negatief teenoor die derde party instem en deur middel van watter oortuigingsmiddel kan hy dit bewerkstellig?

Die outeur kon die volgende redenasie gevolg het met betrekking tot die lesers se gesindheid teenoor die opponente:

- * 'n Leser se goeie gesindheid moet gewen word.
- * Die goeie gesindheid kan verkry word deur die leser te prys.
- * Wanneer die leser goedgesind is, kan sy gesindheid teenoor die opponent verander word.
- * Die gesindheid teenoor die opponent kan verander word, wanneer die opponent in 'n swak lig gestel word.
- * 'n Leser behoort te glo dat die opponent swakker is indien die outeur sterker te voorskyn kom.

Sover dit die onderlinge gesindheid aangaan, kon hy die volgende redenasie gevolg het:

- * Eers wanneer die opponent in 'n swak lig gestel is, kan die leser aangespreek word.
- * 'n Leser moet op sy eie besondere posisie gewys word.
- * 'n Leser moet sy verantwoordelikheid vanweë die posisie wat hy beklee, besef.
- * Die onverantwoordelike optrede van 'n leser moet in 'n swak lig gestel word.

Noudat die *status* van die argument bekend is, kan oorgegaan word tot 'n bespreking van die spesifieke genre van die brief.

5.3 Die retoriese genre van Galasiërs

Wanneer die hele brief aan die Galasiërs in oënskou geneem word, kan dit kortliks soos volg opgesom word:

Nadat Paulus verneem het van die verwarring wat 'n sekere groep mense by die lesers veroorsaak het, skryf hy hierdie brief. Uit die brief kan afgelei word dat die lesers verwar is deur 'n ander evangelie, en dat sommige van hulle afvallig geword het van die evangelie wat Paulus aan hulle verkondig het.

Dadelik, nadat hy die gepaste groet gegee het, spreek hy sy verbasing daaroor uit dat hulle so gou van die evangelie wat hy verkondig het, afvallig geraak het (Galasiërs 1:6-10). Daarna begin hy verduidelik dat sy evangelie - van God af kom. Dit verskil ook nie van die evangelie wat Petrus-hulle aan die besnedenes verkondig nie (Galasiërs 1:11-2:21). Verder maak hy dit ook duidelik dat die besnydenis nie die geloof in Christus kan aanvul nie. Vanaf Galasiërs 3:1 tot Galasiërs 5:1 toon hy vir hulle aan dat hulle deel het aan die genade van God wanneer hulle deur die geloof vryspraak ontvang. Hy wys hulle op die noodwendige slawerny wat die wetsonderhouding meebring. Hy maak ook aan hulle duidelik watter gevolge dit inhou om die evangelie van die besnydenis aan te hang. Die leer van die besnydenis blyk stellig die hoofverskilpunt met Paulus se evangelie te wees. In Galasiërs 4:21-31 gebruik hy 'n allegorie om vir hulle te wys hoe hulle vry is. In Galasiërs 5:1 maak die outeur 'n christologiese stelling om die hele argument van Galasiërs 3:1 tot 4:31 saam te vat. In Galasiërs 5:2-6 begin hy die aanloop tot die weerlegging van die opponente se argument deur die vryspraak van God teenoor die onderhouding van die wet te stel. Vanaf vers 7 tot 12 weerlê hy die opponente se argument en in vers 13 tot 15 spreek hy die lesers aan oor die diensbaarheid in liefde aan mekaar. In Galasiërs 5:16-26 begin hy die weg - die evangelie van Christus as die gekruisigde - aantoon wat hulle moet volg. In Galasiërs 6 vervolg hy met nog 'n aantal vermanings. Voordat hy groet wys hy weer daarop dat die besnydenis geen betekenis het nie.

Aristoteles vermeld dat die deliberatiewe genre gebruik word om die hoorders aan te moedig om 'n koers te volg wat beter is as die huidige koers (kyk hoofstuk 3, §4.4). Wanneer die opsomming van Galasiërs hiermee vergelyk word, blyk dit dat Galasiërs

hoofsaaklik as 'n deliberatiewe rede getipeer kan word (vergelyk Hall, 1987:278-282; Aune, 1987:206-208 en Pelser, 1992:3).

In samehang met die genre van die brief word die algemene en spesifieke *topoi* vervolgens bespreek.

5.4 Die *topoi* in Galasiërs 5:7-15

As die brief aan die Galasiërs inderdaad 'n deliberatiewe aard het, moet die *topoi* wat daarin voorkom hierdie genre bevestig. Die outeur van Galasiërs wou die lesers oor die afvalligheid wat daar by hulle is blameer, en hy wou hulle laat afsien van die koers wat die derde party by hulle verkondig het en aan hulle die voordelige koers toon om te volg. Daarom moes hy ook die gepaste *topoi* vir hierdie argument kies.

Die een algemene *topos* wat by 'n deliberatiewe rede aanwesig behoort te wees, is die vergelyking van die mate van verskil van twee standpunte (Aristoteles, Τεχνῆς 'Ρητορικῆς, 2, 19, 26-27). Onder hierdie algemene *topos* is daar vier spesifieke *topoi* wat direk met die deliberatiewe rede verband hou:

- * Die eerste een is om op grond van die gevolge van teenoorgestelde koerse die een bo die ander een aan of af te raai (Aristoteles, Τεχνῆς 'Ρητορικῆς, 2, 23, 14).
- * 'n Tweede spesifieke *topos* geld vir sowel die juridiese as die deliberatiewe rede. Dit is om die aansporings en ontmoedigings te bepaal wat as motiewe vir mense dien om iets te doen of te vermy. Dit wat moontlik, maklik en voordelig is, spoor mense aan om dit te doen (Aristoteles, Τεχνῆς 'Ρητορικῆς, 2, 23, 21).
- * Die derde *topos* wat hier genoem kan word, is om te bepaal of daar 'n beter koers is om in te slaan as die een wat reeds gekies is (Aristoteles, Τεχνῆς 'Ρητορικῆς, 2, 23, 26).
- * 'n Laaste *topos* is om die voorgestelde koers met die vorige of huidige koers te vergelyk (Aristoteles, Τεχνῆς 'Ρητορικῆς, 2, 23, 27). Die laaste twee *topoi* hou sterk met mekaar verband.

Die verskillende spesifieke *topoi* wat bespreek is, kan nou in Galasiërs 5:7-15 geïdentifiseer word. Die algemene *topos*, naamlik die mate van verskil wat tussen die twee evangelies aangetoon word, is van toepassing op die hele brief. Daarom gaan daar net op die vier spesifieke *topoi* gekonsentreer word.

In vers 7 noem die outeur dat die lesers op die regte koers was. Die huidige koers is teenoorgestel van die oorspronklike koers. Hy vervolg verder met die gevolge wat die

huidige koers inhou (Galasiërs 5:10b). Indirek raai hy die lesers van hierdie koers af, veral met die strafversugting wat hy in vers 12 uitspreek. Hierdie eerste spesifieke *topos* is ook in Galasiërs 5:13-15 te vind. Die gevolg van die oorspronklike koers, naamlik om mekaar in liefde te dien (Galasiërs 5:13 en 14) word teenoor die huidige koers se gevolge gestel (Galasiërs 5:15).

Die outeur lê veral klem op dit wat vermy moet word, omdat dit nie vir die lesers voordelig is nie. Hy wys hulle só die koers aan wat hulle behoort te volg, hoewel hy dit nie eksplisiet noem nie. Dít is verteenwoordigend van die tweede spesifieke *topos*. Die laaste twee *topoi* kom nie so eksplisiet na vore nie, maar word tog in 'n mate in die ander twee vervat.

Die *topoi* bevestig dat Galasiërs deliberatief van aard is. Met die *status* van die argument en die *topoi* bekend, kan die ondersoek vorder na die geskikte oortuigingsmiddele waarvan die outeur gebruik gemaak het.

5.5 Die oortuigingsmiddele ter ondersteuning van die argument

In hoofstuk 3 (kyk §4.7) is die drie verskillende soorte tegniese oortuigingsmiddels aangestip, te wete *ethos*, *pathos* en *logos*. Daar is ook aangetoon dat humor 'n deel van *pathos* uitmaak (kyk hoofstuk 3, §4.7.3).

5.5.1 Die gebruik van *logos*

Die gebruik van *logos* in Galasiërs 5:7-15 kan soos volg verduidelik word. Galasiërs 5:7-12 is die enigste plek waar die outeur aan die lesers sy mening oor die derde party lug. In vers 7 gee hy te kenne dat hy weet dat die lesers op die regte koers was. Dit volg hy op met 'n vraag oor wie die skuldiges is wat hulle mislei het. Hy doen dit nog op 'n gemoedelike wyse. Maar in vers 9 gebruik hy 'n spreekwoord² om aan te toon watter soort invloed die derde party op die lesers het (kyk Du Toit, 1992:13). Nou begin hy heftiger raak met die uitlating dat die derde party geoordeel gaan word. Dit word opgevolg met die uitlating in vers 12 waar hy die strafversugting vir hulle aankondig. Die outeur distansieer homself van die verkondiging van die besnydenis as aanvulling vir die geloof in Christus (vers 11). Nou is dit nodig om die finale nekslag toe te dien, naamlik die strafversugting. So lewer hy sy opinie oor hulle wanpraktyk.

Die afleiding kan gemaak word dat daar twis was as gevolg van diegene wat verwarring geskep het se verdraaiing van die evangelie (vers 15). Sommige wou moontlik nie ag-

² μικρά ζύμη ἔχον τὸ φύραμα ζυμοῖ. - 'n Bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur.

ter hierdie mense aangaan nie en ander het moontlik sonder meer die ander evangelie begin aanhang (kyk ook Greijdanus, 1936:325). In Galasiërs 5:13-14 verduidelik die outeur aan hulle wat die vryheid behels, naamlik dat hulle mekaar in liefde moet dien. Die teenoorgestelde van liefhê is haat, wat kan uitloop op 'n getwis. Daarom gebruik die outeur 'n metafoor om hierdie skerp opmerking te maak.

5.5.2 Die gebruik van *ethos*

Die enigste plek waar die outeur van *ethos* gebruik maak, is in Galasiërs 5:11. Hier stel Paulus dit duidelik waar hy staan ten opsigte van die besnydenis as aanvulling vir die geloof in Christus en die verkondiging daarvan (Betz, 1979:268), en bevestig daarmee sy geloofwaardigheid teenoor die lesers. Daarom kan hy homself so skerp teen die derde party uitspreek. As gevolg van die belangrikheid van sy geloofwaardigheid is dit geldig om aan te neem dat die outeur nie die kategorie van kwaliteit ten opsigte van die inligting omtrent homself sou oortree nie.

5.5.3 Die gebruik van *pathos*

In vers 7 maak die outeur van *pathos* gebruik wanneer hy aan die lesers toon dat hulle wel 'n goeie hoedanigheid gehad het. Hy voer die *pathos* verder met die vraag in vers 7, deurdat hy op 'n manier aandui dat dit nie net hulle is wat aan die afvalligheid skuld het nie. Die verskuiwing van die skuld word met die antwoorde wat in verse 8 en 9 gegee word, versterk. Die outeur wend in vers 10 weer 'n poging aan om die lesers nog goedgesinder te maak. Hy maak aan hulle bekend dat hy tog nog die vertroue het dat hulle regdenkend is. Die outeur oordeel waarskynlik dat die lesers nou weet dat hy hulle nie as heeltemal vervalle beskou nie.

Met behulp van *pathos* het die outeur die lesers nou met die aanprysing in verse 7 en 10 goedgesind teenoor hom gestem. Aangesien hulle nou goedgesind is, kan hy voortgaan om hulle opinie omtrent die opponente en hulle argument te verander. Die egtheid van die kennis oor die oorsprong van die verwarring in vers 10 is nie ter sprake nie, aangesien die outeur die lesers goedgesind teenoor hom wil stem.

In die tweede gedeelte van vers 10 maak Paulus van 'n spesifieke *topos* gebruik, naamlik om op grond van die gevolg van die teenoorgestelde koerse, die beter een aan te beveel. Hierdeur toon hy die uiteinde van die opponente se koers aan, naamlik dat dit tot veroordeling lei. Deurdat die lesers as gevolg van verse 7 en 10 emosioneel by die argument betrokke is, is die outeur moontlik van mening dat hulle tog nie so 'n uiteinde begeer nie. Hulle is immers regdenkend.

Noudat die lesers emosioneel betrokke is en noudat hyself as geloofwaardig en in 'n sin

beter as die derde party voorgestel is, kan die outeur 'n finale aanslag op die derde party maak. Hyself is ook moontlik op die stadium baie emosioneel (kyk hoofstuk 3, §4.7.2.2). Daarom gebruik Paulus hier in vers 12 'n skerp uitspraak teen die derde party. Dit kan ook as 'n hoogtepunt in die akkumulerende gebruik van *pathos* in die argument van Galasiërs 5:7-12 beskou word. Die finale aanslag moet die opponente en hulle argument in diskrediet bring en belaglik maak. In hoofstuk 3 (kyk §4.7.3.2) is opgemerk dat humor die gewenste soort *pathos* is om die verkleining van die opponente se argument te bewerkstellig.

Aangesien die derde party nie meer 'n hindernis is nie, kan die outeur voortgaan om die lesers te vermaan. Die getwis wat as gevolg van die derde party se verkondiging ontstaan het, moet nou aangespreek word. Weereens maak die outeur van *pathos* gebruik deurdat hy die lesers op hul besondere posisie wys. Hulle is vry. Noudat hulle weer betrokke is, wys die outeur verder op die verantwoordelikheid wat die vryheid meebring.

Die aanhaling uit die Ou Testament in vers 14 dien as 'n bewys vir die verantwoordelikheid. Omdat hulle die bewys het en betrek is by die argument, is dit nou 'n goeie geleentheid om die huidige optrede aan die kaak te stel. 'n Effektiewe manier om dit te doen, is met behulp van *pathos*. Die outeur doen dit deur vir hulle aan te toon wat die uiteinde van hul onverantwoordelike optrede is. Hy gebruik 'n metafoor waarin die lesers se optrede met dié van wilde diere vergelyk word. Die metafoor leen hom as stylfiguur goed daartoe om humor oor te dra en om sodoende 'n bepaalde soort optrede as belaglik voor te stel.

Na aanleiding van die moontlike *stati* van die argument en die oortuigingsmiddele wat in Galasiërs 5:7-15 geïdentifiseer is, blyk dit dat humor die boodskap op die effektiefste wyse kon kommunikeer.

5.5.4 Invloed van die oortuigingsmiddele op die deiktiese elemente

Noudat die *status* en oorredingstrategie van die outeur bekend is kan daar na enkele sake teruggekeer word. Omdat die outeur die lesers van die koers van die derde party wou laat afsien, het hy nie nodig gehad om meer as die genoemde hoeveelheid inligting oor homself te verstrek nie (verse 10 en 11). Hy wou juis nie die aandag op homself vestig nie, want dit is nie ter sake nie. Die oortredings van die kategorieë van kwantiteit (min inligting oor homself), relasie (die irrelevansie van die uiting) en wyse (die onordelikheid van die uiting in die argument) in vers 11 was nodig om aan te toon dat hy wel beter as die derde party is (kyk §4.3).

Dit het geblyk dat die outeur die lesers in vers 10 prys oor hulle regdenkendheid om

hulle sodoende goedgesind teenoor hom te stem. Daarom is die oortreding van die kategorie van relasie nodig (kyk §4.3).

Sover dit die toepassing van die samewerkingsbeginsels op die aspek van gedeelde kennis aangaan, iets wat vroeër in die bespreking (kyk §4.2) nie afgehandel kon word nie, is dit nou moontlik om die volgende te sê. Omdat Galasiërs 5:12 en 15 as nie-letterlike bedoelings geuit is, is daar nie 'n oortreding van die kategorieë van kwantiteit en kwaliteit nie. Die kategorieë van relasie en wyse word ook eerbiedig. Die twee verse is kennelik 'n gebruik van humor om die lesers se opinies omtrent die geïdentifiseerde sake te verander. Verder blyk dit dat die humor ook gebruik is om die outeur se opinie oor die besnydenis as aanvulling van die geloof in Christus, asook oor die twis bekend te maak. Sodoende het hy gepoog om die lesers te oorreed om sy opinie te deel.

In aansluiting by hierdie bespreking kan daar die volgende omtrent die invloed van die oortuigingsmiddele op die beleefdheidsbeginsels gesê word.

5.5.5 Invloed van die oortuigingsmiddele op die beleefdheidsbeginsels

Aangesien daar nog ernstig moet besin word oor die toepassing van die beleefdheidsbeginsels kan die volgende kortliks opgemerk word. In Galasiërs 5:12 oortree die outeur bykans al die beleefdheidsbeginsels. Hy openbaar geen takt teenoor die derde party nie, want hy minimaliseer die voordeel vir die derde party met die straf wat hy hulle toewens. Hy openbaar ook geen goedkeuring teenoor die derde party nie, want hy maksimaliseer die afkeur teenoor die derde party wanneer hy hulle so 'n aaklige straf toewens. Deurdat die outeur hierdie skerp uitspraak in vers 12 maak, toon hy duidelik aan dat 'n onenigheid tussen hom en die derde party bestaan. Met hierdie aantoning word die ooreenstemming-stelreël oortree. Verder openbaar die outeur ook geen simpatie teenoor die derde party nie, want hy toon verder in die perikoop geen empatie teenoor hulle nie.

In Galasiërs 5:15 oortree die outeur die goedkeuring-stelreël wanneer hy met die metafoor sy afkeur van die lesers se optrede te kenne gee. Die outeur toon ook geen simpatie teenoor die lesers indien hulle met die huidige optrede volhard nie.

Die plek wat die humor as *pathos* in die brief inneem word vervolgens bespreek.

6. Die plek van die humor as *pathos* in Galasiërs

Die perikoop Galasiërs 5:7-15 kom in die brieffliggaam-slot (Galasiërs 5:2-26) voor. In

hoofstuk 3 (kyk §2.3) is aangetoon dat die outeur juis hierdie briefdeel gebruik om die motivering vir die skryf van die brief te verstrek. Hy doen dit deur dit wat hy gesê het, te beklemtoon of te herhaal. Met die bepaling van die *status* van die humor (§5.2) en met die bespreking van die oortuigingsmiddele wat die outeur in Galasiërs 5:7-15 aangewend het (§5.5), het dit duidelik geword dat Paulus geredelik van *pathos* gebruik moes maak.

Dit is voor die hand liggend dat die brieffliggaam-slot die aangewese briefdeel is om die saak saam te vat en die gehoor met 'n laaste poging ten gunste van die spreker se saak te stem. Hierdie beïnvloeding word met *pathos* bewerkstellig. Daarom kom *pathos* geredelik in die brieffliggaam-slot voor en is dit te begrype dat die outeur van soveel *pathos* in die brieffliggaam-slot gebruik gemaak het. Die humor as *pathos* kom dus op die mees gepaste plek in die brief voor.

Ter ondersteuning daarvan dat Galasiërs 5:12 en 15 wel humoristies bedoel is, word dit vervolgens aan die hand van 'n moderne teorie van humor aangetoon.

7. Die nie-letterlike aard van Galasiërs 5:12 en 15

Die strafversugting wat die outeur oor die derde party teenoor die lesers uitspreek (vers 12), is nie-letterlik, omdat die kategorie van relasie daarin oortree word (vergelyk Van Jaarsveld, 1987:202). Omdat die lesers weet wat die besnydenishandeling inhou, is die strafversugting eintlik absurd indien die lesers dit letterlik sou verstaan.

'n Metafoor is 'n voorbeeld van nie-letterlike taalgebruik (Van Jaarsveld, 1987:202). Die metafoor wat die outeur in vers 15 gebruik, is met die eerste kennismaking nie duidelik nie. Aangesien mense mekaar tog nie werklik byt en verslind nie, sou 'n letterlike verstaan van hierdie vers aan die absurde grens. Daarom is dit noodsaaklik om vers 15 eerder nie-letterlik te verstaan.

Uit die toepassing van die samewerkingsbeginsels is dit dus duidelik dat sowel verse 12 as 15 deur die outeur nie-letterlik bedoel is.

8. Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is Galasiërs 5:7-15 aan die hand van antieke epistolografie, moderne pragmatiek en antieke retoriek ontleed. Die volgende sake het uit die ontledings geblyk:

- Die kategorieë van kwaliteit, relasie en wyse word in verse 12 en 15 oortree.
- Op grond daarvan kon voorlopig bepaal word dat dit nie-letterlik bedoelde uitings is.
- Dit het verder duidelik geword dat die outeur die lesers van die koers van die derde party wil laat afsien.
- Die lesers moet ook van die getwis onder hulle afsien.
- Deur gebruik te maak van *pathos* en ook humor as 'n onderdeel daarvan kon die outeur wel effektief kommunikeer.
- Die humor as onderdeel van *pathos* kom op die mees gepaste plek in die brief voor.

Verder het dit geblyk dat humor en meer spesifiek ironie en sarkasme die gepaste oortuigingsmiddel is om die respons op die *stati* te kommunikeer. Die kommunikatiewe funksie van Galasiërs 5:12 en 15 wat onderskeidelik 'n sarkastiese grap en 'n sarkastiese opmerking is, is dan enersyds om die lesers te laat afsien van die opponente se evangelie (Galasiërs 5:12) en andersyds om hulle te laat afsien van die getwis onder hulle (Galasiërs 5:15).

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

1. Beredenering van die teoretiese raamwerk

1.1 Die identifisering van humor in Galasiërs 5:7-15

Sowel Betz (1979:270) as Von Campenhausen (1963:104) identifiseer Galasiërs 5:12 as 'n grap, maar hulle verskil oor die tipering daarvan (kyk hoofstuk 1, §2). Betz (1979:277) voeg Galasiërs 5:15 by en bestempel dit as 'n sarkastiese waarskuwing. Nie een van die navorsers skenk egter aandag aan die kommunikatiewe funksie van die twee geïdentifiseerde gedeeltes nie.

1.2 Die stand van navorsing ten opsigte van die bepaling van die funksie van humor

Die metodes van Von Campenhausen (1963), Jónsson (1965), Nieting (1983) en Spencer (1981) is krities ondersoek. Hierdie metodes is almal geskik vir die identifisering van humor, maar kan nie die kommunikatiewe funksie daarvan bevredigend beskryf nie. 'n Gemeenskaplike leemte van hierdie metodes is dat daar geen behoorlike verdiskontering van antieke epistolografiese en antieke retoriese konvensies daarin voorkom nie. Dit was daarom noodsaaklik om 'n ander metode vir die bepaling van die kommunikatiewe funksie van humor te vind en aan te pas.

1.3 'n Metode om die kommunikatiewe funksie van humor te bepaal

Briewe dra nie alleen inligting oor nie, maar vervul ook 'n kommunikatiewe funksie (kyk hoofstuk 3, §3.1). Op grond van hierdie beskouing van 'n brief kan die kommunikatiewe funksie van spesifieke taaluitings in 'n brief bepaal word (kyk hoofstuk 1, §2.4). Vorster (1990) stel 'n model voor vir die bepaling van die kommunikatiewe funksie van gedeeltes van 'n brief. Hy noem die model 'n interaksionele model op grond van die interaksie wat briewe bewerkstellig.

Die bepaling van die kommunikatiewe funksie behels 'n ondersoek na hierdie funksie vanuit 'n pragmatiese en retoriese perspektief. Die verhouding tussen antieke epistolografie en antieke retoriek bestaan daarin dat retoriek gebruik kan word om die kommunikatiewe funksie van 'n brief of dele daarvan vas te stel. Daarom is dit geldig om aan die hand van antieke retoriek bepaalde vrae aan 'n epistolêre teks te stel (kyk hoofstuk 1, §2.2). Indien die kommunikatiewe funksie wat met behulp van moderne pragmatiek bepaal is en die funksie wat met behulp van antieke retoriek bepaal is, ooreenstem, kan dit 'n aanduiding wees dat die kommunikatiewe funksie van die betrokke taaluiting akkuraat bepaal is (kyk hoofstuk 3, §5). Op hierdie wyse word moderne pragmatiek en antieke retoriek saam gebruik.

Die metode van Vorster kan met aanpassings soos volg op 'n Nuwe-Testamentiese brief toegepas word (kyk hoofstuk 3):

- Die betrokke dokument word epistolêr ontleed.
- Die gespreksituasie word deur middel van die identifisering en ontleding van die deiktiese elemente ontleed.
- Die samewerkingsbeginsels van Grice word op die onderskeie aspekte van die gespreksituasie toegepas.
- Die retoriese situasie van die spesifieke perikoop of perikope in die dokument word ontleed deur die bepaling van die *status*, *topoi* en die oortuigingsmiddele in die perikoop.
- Uit die data wat op hierdie wyse verkry is, word die kommunikatiewe funksie van humor geformuleer.

2. Die bepaling van die kommunikatiewe funksie van humor in Galasiërs 5:7-15

2.1 'n Epistolêre ontleding van Galasiërs

Die volgende epistolografiese struktuur is vir Galasiërs voorgestel (kyk hoofstuk 6, § 2):

Galasiërs 1:1-5	Briefopening
Galasiërs 1:6-5:26	Briefliggaam
Galasiërs 1:6-10	Briefliggaam-opening
Galasiërs 1:11-5:1	Briefliggaam-middel
Galasiërs 5:2-26	Briefliggaam-slot
Galasiërs 6:1-13	Vermanings
Galasiërs 6:14-18	Briefslot

Hiervolgens kom die geïdentifiseerde humor (Galasiërs 5:12 en 15) in die briefliggaam-slot voor.

2.2 'n Ontleding van die gespreksituasie van Galasiërs 5:7-15

Die ontleding van die verskillende aspekte in die gespreksituasie het getoon dat daar baie gedeelde kennis tussen die outeur en die lesers is. Hierdie gedeelde kennis sluit die volgende in: Die lesers was op die regte koers gewees; hulle weet wie die derde party is; hulle weet dat Paulus vervolgd word; en hulle weet dat die verwarring veroorsaak is deur die standpunt dat die besnydenis as aanvulling van die vrypraak deur die geloof in Christus beskou word. Verder weet die lesers dat hulle vry is en dat

hulle teen die misbruik van die vryheid moet waak deur mekaar in liefde te dien. Die kennis van die getwis onder die lesers word ook gedeel (kyk hoofstuk 4, §3.1.3).

Hierdie gedeelde kennis help met die verstaan van die indirekte, of meer spesifiek, die nie-letterlike taalhandelings van Galasiërs 5:12 en 15 (kyk hoofstuk 4, §5.5.4). Daarom word die onderskeie kategorieë van die samewerkingsbeginsels ten opsigte van die aspek van gedeelde kennis van die gespreksituasie nie oortree nie.

2.3 Die samewerkingsbeginsels van Grice toegepas op die deiktiese elemente van Galasiërs 5:7-15

Uit die toepassing van die samewerkingsbeginsels, naamlik die kategorieë van kwantiteit, kwaliteit, relasie en wyse op die deiktiese elemente, het dit duidelik geword dat die outeur van Galasiërs veral die kategorieë van kwantiteit, relasie en wyse ten opsigte van die aspek van persone oortree (kyk hoofstuk 4, §4.3). Betreffende die kategorie van kwantiteit verstrekk hy min inligting oor homself. Sover dit die kategorie van relasie aangaan, blyk die volgende sake irrelevant te wees: Die inligting oor homself in vers 11, die vraag oor die korrekte kennis van die lesers in vers 10, en die strafversugting in vers 12. Die kategorie van wyse word in vers 11 oortree, omdat die inligting onordelik in die argument geplaas is en omdat die strafversugting in vers 12 onduidelik is, alhoewel dit tog ondubbelsinnig gestel word.

2.4 'n Ontleding van die retoriese situasie van Galasiërs 5:7-15

2.4.1 Die *status* van die humor in Galasiërs 5:7-15

Daar is geredeneer dat die *status* van die humor in Galasiërs 5:7-15 aan die hand van 'n bespreking van die volgende vrae beskryf kan word (kyk hoofstuk 4, §5.2.3):

- * Op watter manier kan die lesers oorreed word om nie verder die evangelie van die outeur se opposisie aan te hang nie?
- * Hoe kan die outeur die lesers oorreed sonder om hulle te verloor?
- * Op watter manier kan die lesers oorreed word om die een belangrike gebod oor die liefde na te kom?
- * Hoe kan die outeur die lesers negatief teenoor die derde party stem en deur middel van watter oortuigingsmiddels kan hy dit bewerkstellig?

Daar is aangevoer dat die outeur in 'n poging om die lesers se gesindheid teenoor die derde party te verander, waarskynlik die volgende redenasie gevolg het: Deur die lesers te prys, is die outeur in staat om hulle goeie gesindheid te wen. Eers wanneer die lesers goedgesind is en die outeur sterker as die opponente na vore tree, en die oppo-

nente in 'n swak lig gestel word, kan die lesers se gesindheid teenoor die opponente verander.

Daar is ook geredeneer dat die outeur vir die verandering van die lesers se onderlinge gesindheid waarskynlik die volgende redenasie gevolg het: Eers wanneer die opponent verswak is, kan die leser aangespreek word. 'n Leser moet op sy besondere posisie gewys word om sodoende sy verantwoordelikheid te beseef. Daarna word die onverantwoordelike optrede van die leser in 'n swak lig gestel.

2.4.2 Die genre van Galasiërs en die *topoi* in Galasiërs 5:7-15

Daar is gekonkludeer dat Galasiërs deliberatief van aard is. Die *topoi* wat Paulus in Galasiërs 5:7-15 aanwend, bevestig dit. Met die genre en *topoi* bekend, kan die waarskynlike doel van hierdie brief soos volg geformuleer word: Om die lesers van die derde party se koers te laat afsien en die koers te laat volg wat Paulus aan hulle verkondig het.

2.4.3 Die oortuigingsmiddele ter ondersteuning van die argument

Dit het geblyk dat die outeur in sy argument hoofsaaklik van *pathos* gebruik maak. Verder het dit duidelik geword dat die poging om die lesers van die opponente se koers en van die onderlinge getwis te laat afsien, die effektiëste met behulp van humor as onderdeel van *pathos* gekommunikeer kan word.

Die gebruik van hierdie spesifieke oortuigingsmiddel, naamlik humor as onderdeel van *pathos*, het die outeur oënskynlik genoodsaak om bepaalde samewerkingsbeginsels te oortree. Omdat die outeur juis nie die aandag op hom gevestig wil hê nie, verstrek hy min inligting oor homself. Die outeur het die kategorieë van relasie en wyse in vers 11 oortree deur aan te toon dat hy wel beter as die opponente is. Hierdie oortreding is die gevolg van die gebruik van *ethos*. Omdat die outeur met behulp van *pathos* die lesers goedgesind stem, moes hy die kategorie van relasie in vers 10 oortree.

3. Gevolgtrekking

Op grond van die nie-letterlike aard van die taalhandelings in Galasiërs 5:12 en 15 is daar aangetoon dat albei hierdie gedeeltes humoristies verstaan behoort te word. Galasiërs 5:12 het die kommunikatiewe funksie om die opponente by die lesers te diskrediteer. Met hierdie diskreditering wil die outeur die lesers oorreed om sy opinie oor die verkondiging van die besnydenis as aanvulling van geloof in Christus te deel. Die humor van Galasiërs 5:15 is bedoel om die lesers op die uiteinde van hul onverant-

woordelike optrede - 'n totale vernietiging van mekaar - te wys. Die vooruitsig van so 'n totale vernietiging moet die lesers van hul getwis onder mekaar laat afsien.

4. Aanbevelings vir verdere studie

Navorsing oor Joodse humor en die invloed daarvan op die Pauliniese Briewe is in die lig van die feit dat Paulus 'n Jood was, baie nodig. In aansluiting hierby is 'n studie van die humor in die eerste-eeuse samelewings ook nodig. In die huidige studie is daar net vlugtig na hierdie humor verwys (kyk hoofstuk 2, §3).

Sosio-historiese navorsing oor die gemeentes in Galasië kan nuttig wees vir die verdiskontering van die beleefdheidsbeginsels (kyk hoofstuk3, §3.4).

Die resultate van navorsing oor genoemde sake kan daartoe bydra om die geldigheid van die interpretasie van die humor in Nuwe-Testamentiese briewe verder te verhoog.

ABSTRACT

The objective of this study is the determination of the possible character and communicative function of the humour in Galatians 5:12 and 15.

Both Betz (1979) and Von Campenhausen (1963) identify Galatians 5:12 as a jest. However, they differ about the typifying of this jest. Betz includes Galatians 5:15 and labels it a sarcastic warning. Only Betz attempts a description of the communicative function of Galatians 5:12.

This study indicates that the approaches of Von Campenhausen (1963), Jónsson (1965), Nieting (1983) and Spencer (1981) do not describe the communicative function of humour in the New Testament satisfactory.

A more satisfactory approach to the description of the communicative function of Galatians 5:12 and 15 is found and adjusted, namely the interactional model proposed by Vorster (1990). In this model the communicative function of humour is investigated from a pragmatic and rhetorical perspective. Since rhetoric can be used to determine the communicative function of a letter or a part of it, it is valid to ask certain questions to an epistolary text on the basis of ancient rhetoric. Therefore the following method is employed: The letter was analyzed epistolographically in order to learn in which part of it the humour appears. The communicative situation of the part in which the humour appears, is subsequently analyzed and the co-operative principles of Grice (1975) are applied to it. Proceedingly the rhetorical situation of the same section is analyzed.

In chapter four this theoretical framework is used to investigate Galatians 5:7-15. This study exposes that both pragmatics and ancient rhetoric confirm Galatians 5:12 and 15 as forms of sarcastic humour. The finding is that the communicative function of vers 12 is to persuade the readers to share the opinion of the author regarding those who cause the confusion, and that of vers 15 to persuade the readers to cease quarrelling among themselves.

BIBLIOGRAFIE

ALAND, K., BLACK, M., MARTINI, C.M., METZGER, B.M. & WIKGREN, A., reds. 1983. The Greek New Testament. Derde uitgawe (gekorigeerd). Stuttgart : United Bible Societies.

ARISTOTELES, HORATIUS, LONGINUS. Τεχνῆς ῥητορικῆς. London : William Heinemann. 1947. (Loeb Classical Library).

ARISTOTELES. The rhetoric of Aristotle. New Jersey : Prentice-Hall Inc. 1960. (Vertaal deur L. Cooper)

AUNE, D.E. 1987. The New Testament in its literary environment. Philadelphia : Westminster. 260 p.

BACH, K. & HARNISH, R.M. 1979. Linguistic communication and speech acts. London : MIT Press. 327 p.

BERGER, K. 1974. Apostelbrief und apostolische Rede: Zum Formular frühchristlichen Briefe. *Zeitschrift für die Neutestamentliche Wissenschaft und die Kunde der Alten Kirche*, 65:190-231.

BETZ, H.D. 1979. Galatians. A commentary on Paul's letter to the church in Galatia. Philadelphia : Fortress Press. 352 p.

BITZER, L.F. 1968. The rhetorical situation. *Philosophy and Rhetoric*, 1:1-24.

BOTHA, J. 1991. Reading Romans 13; aspects of the ethics of interpretation in a controversial text. Stellenbosch. 294 p. (Dissertation (DTh) - University of Stellenbosch.)

CICERO, Marcus Tullius. De Oratore. London : William Heinemann. 1948. (Loeb Classical Library.)

CICERO, Marcus Tullius. Epistulae ad Familiares. Oxford : Clarendon Press. 1964. (Oxford Classical Texts).

COOPER, L.
Kyk
ARISTOTELES.

CORBETT, E.P.J. 1965. Classical rhetoric for the modern student. New York : Oxford University Press. 584 p.

CORNELIUS, E.M. 1991. Die funksie van die "danksegging(s)" in I Tesselonise. Potchefstroom. 80 p. (Verhandeling (MA) - PU vir CHO.)

CORNELIUS, E.M. 1992. Inleiding in die teorie en praktyk van die antieke retoriek (voorlopige uitgawe). Potchefstroom : PU vir CHO. 44 p.

DE BRUYN, P.S. 1991. Pragmatiek. Potchefstroom : Sentrale Publikasies PU vir CHO. 161 p.

DEISSMANN, A. 1901. Bible studies. Edinburgh : T & T Clark. 384 p.

DEMETRIUS van Falerom. Περὶ Ἑρμηνείας. Cambridge : University Press. 1932. (Loeb Classical Library).

DOTY, W.G. 1973. Letters in primitive Christianity. Philadelphia : Fortress Press. 82 p.

DU TOIT, A.B. 1992. Alienation and re-association as pragmatic strategies in Galatians (Referaat gelewer op 8 April 1992 as deel van die NTWSA kongres.) Bloemfontein. 17 p. (Ongepubliseer)

FILLMORE C.J. 1975. Santa Cruz lectures on deixis. Indiana : Indiana Linguistics Club. 87 p.

FILOSTRATOS. De Epistulis. Red. C.L. Kayser. Leipzig : Teubner. 1871.

GREGORIUS van Nazianzus. Epistula. Red. P. Galley. Berlyn : Akademie Verlag. 1969.

GRICE, H.P. 1975. Logic and conversation. (In Coe P. & Morgan, T.L., reds. Syntax and Semantics, 3. Santa Cruz : University of California. pp. 41-271.)

GREIJNDANUS, S. 1936. De brief van den apostel Paulus aan de gemeenten in Galatië. Amsterdam : H.A. van Bottenburg. 362 p.

GWYNN, A. 1964. Roman education from Cicero to Quintilian. New York : Russell & Russell. 260 p.

HALL, R.G. 1987. The rhetorical outline for Galatians; a reconsideration. *Journal of Biblical Literature*, 106, 2:277-287.

HÜBNER, H. 1984. Der Galaterbrief und das Verhältnis von Antiker Rhetorik und Epistolographie. *Theologische Literaturzeitung*, 109:241-250.

- JAGER, O. 1954. De humor van de Bijbel in het Christelijk leven. Kampen : Kok. 119 p.
- JANSON, M. 1980. Humor in die Bybel. Johannesburg : Perskor. 57 p.
- JOHANSON, B.C. 1987. To all the brethren. A text-linguistic and rhetorical approach to 1 Thessalonians. Stockholm : Almqvist & Wiksell International. 230 p. (Coniectanea Biblica New Testament Series, 16.)
- JÖNSSON, J. 1965. Humour and irony in the New Testament; illuminated by parallels in Talmud and Midrash. Copenhagen : International Booksellers and Publishers. 299 p.
- KENNEDY, G.A. 1974. New Testament interpretation through rhetorical criticism. Chapel Hill : University of North Carolina Press. 171 p.
- KOSKENNIEMI, H. 1956. Studien zur Idee und Phraseologie des Griechischen Briefes bis 400 nChr. Helsinki : Akateeminen Kirjakauppa. 214 p. (Annales Academiæ Scientiarum Fennicæ, B.)
- KRAFTCHICK, S.J. 1985. Ethos and pathos appeals in Galatians five and six: a rhetorical analysis. Atlanta : Dissertation, Emory University. 208 p.
- LEECH, G.N. 1983. Principles of pragmatics. London : Longman. 250 p.
- LEEMAN, A.D. & BRAET, A.C. 1987. Klassieke retorica. Haar inhoud, functie en betekenis. Groningen : Wolters-Noordhoff/Forsten. 158 p.
- LEVINSON, S.C. 1983. Pragmatics. Cambridge : Cambridge University Press. 420 p.
- MALAN, F.S. 1992. The strategy of opposing covenants (Referaat gelewer op 9 April 1992 as deel van die NTWSA kongres.) Bloemfontein. 14 p. (Ongepubliseer)
- MALHERBE, A.J. 1988. Ancient epistolary theorists. Atlanta, Georgia : Scholars Press. 88 p. (Society of Biblical Literature Sources for Biblical Study, 19).
- NIDA, E.A. e.a. 1983. Style and discourse; with special reference to the text of the Greek New Testament. Cape Town : Bible Society. 199 p.
- NIETING, L. 1983. Humor in the New Testament. *Dialog*, 22(Summer):168-170.
- PÉLSER, G.M.M. 1992. The opposition faith and works as persuasive device in Ga-

latians (3:6-14) (Referaat gelewer op 9 April 1992 as deel van die NTWSA kongres.) Bloemfontein. 19 p. (Ongepubliseer)

PERELMAN, C. & OLBRECHTS-TYTECA, L. 1969. The new rhetoric. A treatise on argumentation. Notre Dame : University of Notre Dame Press. 566 p.

PSEUDO-DEMETRIUS van Falerom. Tupoi Epistolikoi. Red. V. Weichert. Leipzig : Teubner. 1910.

PSEUDO-LIBANIUS. Epistolimaioi Charakteres. (In Foerster, R., red. Libanii Opera. Volume 9. Leipzig : Teubner. 1927.)

QUINTILIANUS, Marcus Fabius. De Institutione Oratoria. Volumes II. London : William Heinemann. 1947. (Loeb Classical Library).

RASKIN, V. 1985. Semantic mechanisms of humour. Dordrecht : D. Reidel Publishing Company. 284 p.

RUSSEL, E.A. 1991. Some reflections on humour in Scripture and otherwise. *Irish Biblical Studies*, 13(4):199-210.

SEARLE, J.R. 1979. Expression and meaning; studies in the theory of speech acts. Cambridge : Cambridge University Press. 187 p.

SNYMAN, A.H. 1989. 'n Retoriese indeling van die brief aan Filémon. *Acta Academica*, 21(2):130-144.

SCHNIDER, F. & STENGER, W. 1987. Studien zum neutestamentliche Briefformular. Leiden : Brill. 191 p. (New Testament Tools and Studies, 11.)

SPENCER, A.B. 1981. The wise fool (and the foolish wise); a study of irony in Paul. *Novum Testamentum*, 23(4):349-360.

STOWERS, S.K. 1981. The diatribe in Paul's letter to the Romans. Chico : Scholars. (SBL Dissertation Series, 57).

STOWERS, S.K. 1986. Letter writing in Greco-Roman Antiquity. Philadelphia : Westminster Press. 188 p.

THURÉN, L. 1990. The rhetoric strategy of 1 Peter. Abo : Abo Academy Press. 213 p.

TRAUGOTT, E.C. & PRATT, M.L. 1980. Linguistics for students of literature. New York : Harcourt Brace Jovanovich. 444 p. (Syntax and Semantics, 3.)

VAN EEMEREN, F.H. & GROOTENDORST, R. 1987. Handbook of argumentation theory. Dordrecht : Foris Publications. 333 p.

VAN JAARSVELD, G.J., *red.* 1987. Wat bedoel jy? Pretoria : Serva-Uitgewers. 338 p.

VIOLI, P. 1985. Letters. (*In* Van Dijk, T.A., *red.* Discourse and Literature, 3. Amsterdam : John Benjamin. pp. 149-167.)

VON CAMPENHAUSEN, H.F. 1963. Aus der Frühzeit des Christentums; Studien zur Kirchengeschichte des ersten und zweiten Jahrhunderts. Tübingen : J.C.B. Mohr. 350 p.

VORSTER, J.N. 1990. Toward an interactional model for the analysis of letters. *Neotestamentica*, 24(1):107-130.

VORSTER, J.N. 1991. The rhetorical situation of the letter to the Romans - an interactional approach. Pretoria. 275 p. (D.D. Proefskrif - Universiteit van Pretoria.)

WHITE, J.L. 1972. The form and function of the body of the Greek letter. A study of the letter-body in the non-literary papyri and in Paul the apostle. Montane : Scholars Press. 130 p. (Society of Biblical Literature, Dissertation Series, 2.)

WHITE, J.L. 1984. New Testament epistolary literature in the framework of ancient epistolography. (*In* Haase, W., *red.* Aufstieg und Niedergang der Römischen Welt. Deel 2, volume 25(2). Berlyn : Walter de Gruyter. pp. 1730-1756.)

WHITE, J.L. 1986. Light from ancient letters. Philadelphia : Fortress Press. (Foundations and Facets : New Testament.)

WUELLNER, W. 1976. Paul's rhetoric of argumentation in Romans. *Catholic Bible Quarterly*, 38:330-51.